# DIRK VAN SCHALKWYK

**Datum:** 11 Oktober 2010
**Plek:** Pretoria
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement| Stellenbosch Universiteit
**Antwoordsteller (A):** Dirk van Schalkwyk | Direkteur: Departement Omgewingsake : SANAP | 1974 - 2000

**V** Hoe het u eie betrokkenheid by SANAE begin?

**A** Ek het na skool, het ek werk gesoek, by die Departement van Vervoer begin. Toe is ek opgeroep vir diensplig, toe het ek vrystelling gekry, en eintlik maar begin met my loopbaan op die tweede Januarie 1974 by die Departement van Vervoer, en so na 3 maande is ek toe oorgeskuif na die algemene kantoor wat Antarktika bestuur het.

**V** Het die algemene kantoor Antarktika bestuur?

**A** Ja, dis waar ek, wettiglik as 'n klerk, betrokke begin geraak het, in Antarktiese wese.

**V** Wanneer is u self die eerste keer Antarktika toe?

**A** My eerste trip Antarktika toe, my eerste, of laat ek so sê my eerste vaart was in November 1974 Marioneiland toe, met die RSA, toe die hutte opgesit is wat begin het met die cat eradication-program. Dit was die Protea en die RSA, die twee skepe wat toe af is.

**V** So is u daartoe af as 'n klerk om wat te gaan doen?

**A** Ja, toe is dit, die eerste keer om die omgewing te gaan sien, so dit is my eerste vrystelling met Marion, en my eerste vaart na Antarktika toe was, as ek nou reg kan onthou, ek dink in 1979.

**V** So tot hoe mate het die Departement dit belangrik geag dan dat die beamptes Marion eiland sien?

**A** Ek dink, want jy werk met spesifieke omstandighede rondom die isolasie waarin die ouens werk, en waar jy begin werk moet 'n ou besef, jy weet, wat is hulle behoeftes, want isolasie het 'n bepaalde effek of die mens.

**V** Het dit verander oor die jare?

**A** Ek weet nie, ek glo dit het verander in die sin dat, in daardie tye was dit rof en tough, vandag het jy spoeltoilette, brandstof word vervoer in massa as jy vat Antarktika toe, in ons tye het jy nog alles met die hande hanteer, jy het nog toilet dromme uitgerol, jy het hulle, jy weet, hulle in die ys begrawe, so dinge het baie verander, maar ek dink omgewingsbewustheid het ook meer toegeneem, in die laaste 10, 15 jaar.

**V** Maar het dit verander in die konteks dat hulle nie meer, sê nou maar, beamptes wat op 'n laer vlak funksioneer, afstuur nie?

**A** Ek glo so, ek dink dit was 'n spesifieke geleentheid om ouens bloot te stel, dis hoekom ek op daai stadium gegaan het, en ek het die geleentheid gebruik en ek het daarop gebou, jy weet, so ek het dit wat ek geleer het, het ek vir myself eintlik as 'n maatstaf gebruik van wat ek wil bereik in die lewe.

**V** Wat het u geleer?

**A** Ek dink eerstens, jy leer mensekennis, jy leer hoe mense in isolasie funksioneer, hoe die skille van die gesigte afval, maar dan, die wonder van die skepping, die natuur. Dis iets besonders wat ek dink nie jy normaalweg sal ervaar nie, want ek dink ons omgewing, wat 'n beton-oerwoud is, jy weet, sien 'n ou nie daai tipe van goed nie. Dierelewe, seelewe, en baie leer om vir jouself te sorg, van klere was, kosmaak, huishou, net mans op daai stadium, so dit was 'n goeie ondervinding gewees.

**V** Hoe lank het hierdie proses geduur om die hutte op te sit?

**A** As ek reg was, was dit so 'n 4 weke trip gewees, ja ek dink ons het terug gekom so by die 9de Desember.

**V** Het die Protea 'n helikopter afgevat?

**A** Ja, hy is 'n klein, as ek reg onthou, 'n Wasp helikopter gewees.

**V** En dit dan gebruik om die hutte te help...

**A** Dit was asbes, wat vandag natuurlik nie meer toelaatbaar is nie, as gevolg van gesondheid.

**V** Was dit daardie ronde hutte?

**A** Ja dis die, hy het sulke panele gehad, dis nie die iglo's wat nou daar staan nie, dis 'n asbes hut met 'n 5-punt dak en 'n deurtjie met 4 bunks in gehad, 'n paar koskassies opmekaar gestapel is en waar die kos in was.

**V** Die hutte wat John mee besig is om ou asbes stukke oral op die eiland op te tel en dan moet die mense wat saam hom stap, terugdra basis toe?

**A** Ja, daar sal nog van hulle wees, daar naby Kleinkoppie.

**V** Ja daar naby Kleinkoppie hoeka het ons tyd spandeer...

**A** Daar waar die vulkaniese aktiwiteit was?

**V** So, hoe het u eie loopbaan dan gevolg by Departement Vervoer? Was u deurentyd by die algemene kantoor gewees?

**A** Ja, by wat op die ou end die Antarktiese Altena geword het, so, ek meen wat ek gedoen het was 'n gewone klerk, ek het die kosvoorrade rekords gehou, so maandeliks wat die ouens gebruik het, ons het dit afgetrek en dit het nou gelei na die bestellings van die volgende maande, en soos 'n ou nou maar gegroei het, het ek later ander projekte bygekry, soos ek het die projek bygekry toe die nuwe SA Agulhas gebou is, en ek het sy finansiële, die betalings wat elke maand aan die [Simonashiki] shipwright yard gemaak moes word, daai tipe van goed gedoen, en ek het so deur die ontwikkeling bietjie meer betrokke geraak by die ontwikkeling van die beskermende klere saam met Gustav Nel, saam met Cape Union Mart en [indiscernible] se ouens, dis die ouens wat eintlik maar die klere gemaak het, en as ek nou sê ek het deur die administratiewe proses gegaan en toe op 'n punt gekom waar ek, die weerburo was ook deel van die Departement, so ek het toe op 'n stadium gekom waar ek die begroting van die Eerste minister gehanteer het, die navorsingsbegroting, dit wil sê die weerburo se begroting, en die Antarktiese program se begroting, want dit was befonds deur die kantoor van die Eerste minister van daai tyd, die navorsing was daarin gedoen...

**V** Ons gaan nog redelik daarby uitkom, dit lyk vir my daar was nogals redelik institusionele verskuiwings gewees van waar presies die wetenskap gesetel is?

**A** Dis reg, so, ek meen, dis waar ek toe maar betrokke geraak het, so ja ek was baie meer in logistiek gewees. Ek is 'n baie praktiese ou, en soos die dinge geloop het, het ek baie meer vaarte begin gedoen, totaal in my loopbaan het ek 16 vaarte gedoen, en ek het so...

**V** Is dit nou Marion en Antarktika en Gough?

**A** Marion, Antarktika, en Gough, ek was nie net een keer Gough toe nie, twee keer, maar meestal Antarktika toe. Ek het byvoorbeeld Antarktika, toe my seun die jaar skool toe gaan, was die eerste Kersfees wat ek saam met die gesin by die huis was, so ek het 6 vaarte in 'n ry gedoen. Ek het eintlik, want, Gustav was my voorganger, Gustav was eintlik die ou wat Antarktika gedoen het, en ek het by hom oorgeneem.

**V** So wat was u titel toe u by hom oorgeneem het, Direkteur?

**A** Ek dink toe ek by hom oorgeneem het was ek Assistent Direkteur, en hy was die Adjunk Direkteur, toe het hy eintlik na 'n ander seksie gegaan en dis toe die split gekom het dat die Antarktika funksies geskuif is van die Departement van Vervoer met die weerburo na die Departement van Water en Bosbou.

**V** Wanneer was dit?

**A** Jislaaik, want ek was, as ek nou vinnig gekyk het, ek was tot en met Junie 2000 was ek betrokke by die Antarktiese program so jy kan van sê '74 tot 2000.

**V** Maar die skuif van die Departement van...

**A** Van die Departement van...

**V** Is dit dieselfde skuif as na die Departement van Omgewingsake?

**A** Ja dis in Augustus 1988, ja, want ek was in Sept 1985 Assistent Direkteur en net daarna, ons het in 88, is die funksies geskuif van die Departement van Vervoer na Water en Bosbou, toe het die Departement van Water en Omgewingsake begin.

**V** Die datum wat in die historiese joernaal, daai een joernaal van die Suid-Afrikaanse joernaal van Antarktiese navorsing is, daai datum is 1 Oktober 1985, nou wonder ek net, wanneer hulle geskuif het Omgewingsake toe?

**A** '85, Ja dit kan wees, want ek het in '85, Sept '85 Assistent Direkteur, so dit kan wees, dat dit in '85 is, want ek het nog 'n stuk geskryf in daardie Antarktiese joernaal, dit kan wees, ek het nou nie die hele datums nie, maar ja.

**V** Ek wil net min of meer weet wanneer daai skuif plaasgevind het, en is ek reg as ek verstaan dat dit was ook toe die eerste keer dat daar 'n Departement vir Omgewingsake gestig is in Suid-Afrika?

**A** Ja, dis wanneer hy gestig is, Water en Environment en Bosbou is toe weggevat en ons het nou weer van Augustus, wanneer was die verkiesing laas keer, het Omgewing en Toerisme weer geskuif.

**A** Ja

**V** Jy weet, 'n ou dink nie daai tyd datums gaan belangrik word nie.

**V** Nee! [lag] Ek skat die presiese datums sal mens wel kan opspoor

**A** Jy sal dit kan kry by die kommissie van Administrasie, Public Administration, want daar is 'n regsproses waar die President 'n proklamasie moet uitvaardig, waar die funksionele goed verander.

**V** Is dit soos wat die President laas jaar gedoen het?

**A** Ja presies dieselfde proses is daai tyd gevolg, maar die kommissie van admin het daai tye die ondersoeke gedoen, en die skeidings gehanteer.

**V** Nou met dit, 'n paar algemene vrae eers: beskryf hoe dit is om met wetenskaplikes te werk?

**A** Ek moet sê ek het goed oor die weg gekom met hulle, maar wetenskaplikes, hy wil 'n bepaalde doelwit bereik, bepaalde goed bewys, veral in die Antarktika opset, maar hulle, noodwendig, neem nie in ag die logistiek om by dit uit te kom nie. Dis nie soos in Suid-Afrika wat jy in jou 4x4 kan klim en ry en die wurmpies gaan uitspit nie. Vir die ou, vir die geoloog in Antarktika het jy amper 'n 18 maande beplanningsiklus, om te sien dat die brandstof op die regte plek is, vir die seisoen wanneer hy wil gaan, jy weet, so dit was nogal 'n moeilike situasie. Jy het beperkte middele, die skip kan net soveel dae 'n jaar ry, jy het net soveel helikopter-tyd, 'n vlieënier kan net soveel ure vlieg in 'n jaar. So jy het byvoorbeeld 'n vlieënier, die eerste ding wat jy kom jou skip het beperkinge ten opsigte van akkommodasie, dit beperk wetenskaplikes en die ondersteuningspan, dit was altyd 'n issue, dan die volgende ding is, die skip kan nie soveel dae in die ys bly, hy kan vroeg Desember ingaan maar hy moet op die laatste, die eerste, tweede week in Maart uit wees.

**V** Ja.

**A** Ja, so, jy het beperkinge, jy het ander goed wat belangrik is, soos die weerburo program. Suid-Afrika se weer kom hoofsaaklik uit die Suidweste uit en dit moet voorkeur gee, want dit beïnvloed ook Suid-Afrika se goed, so strategiese besluite moet geneem word op 'n Departementele vlak, 'n nasionale vlak, wat die wetenskaplikes nie altyd so sien nie, want hy dryf sy eie prosesse.

**V** Ja.

**A** En dan het jy die kwessie van, as jy na oseanografie kyk, die een ou wil diepsee oseanografie doen en die ander ou wil dit doen, en die skip kan nie altwee in dieselfde tyd doen nie, so jy moet dit kan bestuur in 'n siklus van 5 jaar met befondsing.

**V** Daai siklusse van 5 jaar, weet jy wanneer dit ingestel is?

**A** Jis, ek het dit so gekry, jy weet, maar meeste van jou navorsingsprogramme is 3 jaar en 5 jaar gewees, en dit het maar verband gehou met jou 'medium-term' expenditure' framework, die staat het altyd in 'n 5 jaar siklus begroot, waarvan jy 3 jaar se begrotings het, en die twee jaar is jou outer years, en dan skuif hulle net aan. So 'n navorsingsprogram is of in 'n 3 jaar, of in 'n 5 jaar proses gesit, en dan goed wat, wat belang gespeel het by jou navorsings, is as jy 'n basis het met fisiese navorsing, physics, dan is dit, die basis is daarvoor opgerig, so jy kan nie sommer nou iets afgooi daar en 'n ander ding inbring nie, en daai goed het in die SCAR konsep ingepas, en baie van die goed het die politiek uit die verdrag aangespreek.

**V** Ja.

**A** Jy weet, so dit het wetenskaplikes nie altyd verstaan nie, want hy is daar om te kyk hoeveel M's en PhD's hy uit die stelsel gaan kry en hoeveel publikasies hy kan kry om sy profiel op te lig. Maar ek moet sê ek het lekker met die wetenskaplikes gewerk. Op 'n stadium het ek nét met hulle gewerk, en ek was nie 'n wetenskaplike gewees nie, veral daar was redelike struwelinge tussen die wetenskap en die Departement op daai stadium en dit het in sekere gevalle ook om persoonlikhede gegaan, en toe het die ou SNO die program terug gevat en [Pat Kondi] was toe aangestel om die SNO, die program te bestuur. Die ding het ook op 'n afdraende gegaan, en ek het toe basies die, en ek dink van die ouens sal seker gesê het, die stokers en daai ouens, die ding bestuur, jy weet, die goed 'n bietjie nader aan mekaar gewerk het, waarvan ek toe op die ou end die Antarktika BP medalje gekry het.

**V** Die enigste Administrasie persoon wat dit gekry het?

**A** Ja ek dink so, ja. Vir daai rol wat 'n ou gespeel het om die wetenskap en die logistiek weer bymekaar te bring. South African Island research program, want ek het dit geko-ordineer van '88 tot 2000, en dan die... En ek moet sê dit was ook net na ek, ek het Guillain–Barré gekry 1992, '93, waar ek binne twee dae heeltemal verlam was van hier af. En Antarktika was in my bloed, ek het gedog ek sal daai plek nooit weer sien nie, so ek was nog oor toe die basis, want op daai stadium het ek die nuwe basis projekbestuur, die wat nou in die berge gebou is, so ek was betrokke by daai projekbestuur en toe het ek Guillain–Barré gekry, seker al die stres en goed. My pa is net voor die tyd dood, jy weet, en dis sulke goed wat op 'n ou gegaan het.

**V** En hoe was dit om met, hulle name het ook deur die jare verander, DOW mense te werk, of met daai...?

**A** Almal is spesies, openbare werke is, het ek altyd gesê, dis die sout van die aarde, hardwerkend, maar jy het hom gelukkig gehou met vleis, rys en aartappels. Hulle is gesteld gewees en, jy weet, dit gaan maar, en dis seker goed wat 'n ou maar strategies sal moet skryf, maar jy het, dis maar soos in die samelewing, jy het groepering. So jou vakmanne is hardwerkende ouens gewees, lang ure gewerk. As hulle gewerk

het, het hulle gewerk, as hulle gepaartie het hulle gepaartie. Hulle het verwag, hulle wou die basies goed gehad het, so jy kan nie net die wetenskaplikes in die fancy hotelle, ag, kamers sit en nie vir hulle nie, so ons begin kies en dan hulleself gehanteer, dit was maar 'n proses om dit te bestuur. So met openbare werke het jy baie kreature gehad, ek dink aan oom Willem, hy is nou al dood, Julian Thiaart, ons het gisteraand oor hom gepraat, hy is dood, dit was daai tye se ouens, jy weet, so openbare werke se ouens, ja, goeie mense, maar met hulle bepaalde behoeftes en hulle bepaalde uitkyke rondom goed.

**V** Maar dis nie noodwendig anders in Antarktika as wat dit in Suid-Afrika is nie?

**A** Nee, nee, in Antarktika maak almal gelyk. Daar sien jy die slimste ou wat die stupidste goed doen, en ek moet sê dat ek dink baie keer die ouens wat die verantwoordelike ouens was, was die openbare werke ouens, want dis ouens wat jaar na jaar gegaan het, ek het myself gesien, van my eerste trip tot my laaste trip, hoe banger jy word, omdat jy omstandighede ken, jy weet hoe dit is, en jy raak ook 'n minder gewilde persoon, omdat jy die gevare ken, dis soos met 'n kind, om nee te sê. So jy bestuur dit in 'n sekere rigting in, soos die werk met Steven Chown bv, ek en Steven Chown het baie goed oor die weg gekom, maar hy is, hy was 'n ou met sy eie wil, sy eie manier van 'n ding doen. Ek dink hy was een van die jongste proffies hier by Tuks, brilliant, daar is in wat 'n kop op sy lyf het soos hy nie. Ek het met hom baie goed oor die weggekom omdat ek 'n mens-mens was met, Steven, jy weet, maar hy, rated internationally, ek dink seker nou nog.

**V** Ja hy is nou 'n prys gewen, as die beste Antarktika wetenskaplike in die wêreld.

**A** Ek kan dit glo. Hy het groot werk gedoen as 'n entomoloog, en as 'n jong seuntjie, ek sien hom nog gister toe hy net sy honneurs klaar het, wat hy kom aansoek doen om Marion toe te gaan, en daai attitude: “ek is scientist”, jy weet, en dan kom jy in daai omgewing en dan skrik jy jou dood, maar hardwerkende ou gewees, so dis maar, dan, jy het hulle gehad, dan was ek op die trip toe die eerste drie vrouens Antarktika toe gevat is, Steenkamp, dit was Valdon Smith se vrou, sy is die eerste vrou.

**V** Ja hulle is Marion toe vir 'n jaar. Ek het hoeka 'n vraag daaroor, want hulle is daarnatoe gewees in' 86, as ek dit reg het, en toe is daar eers weer vrouens in '96. Waarom die 10 jaar gap?

**A** Ek weet nie, dis maar seker die omstandighede, nee. Daar, dit was 'n proefneming gewees, jy weet, dit het, want die oomblik, ek meen, jy kan nou met die ouens praat, in my tye was daar nog min gewees, jy weet, n klomp mans het ek agtergekom werk baie beter as jy nie mixed spesies op die skip het nie. Want dit veroorsaak, jy weet, dis, dis soos 'n harem met die bul met sy koeie, op die skip begin dit. Die vrouens trek aandag, dit het 'n effek gehad, so, maar ek meen, dis maar, vanaf die aankoms jy spandeer 'n tent saam met 'n man vir so lank tydperk, jy is in daai persone se geselskap – jy weet.

**V** So julle oorweeg dit om 'n 'all female team' af te stuur?

**A** Die Duitsers het, dit was 'n groot flop, want, en ek meen, die Duitsers het, daar was 'n navorsingsprojek geskryf oor dit, Heinz Conan was nog die projekleier van dit. All woman team van die Duitsers het ook geflop. Soveel so dat hulle, jy weet, toe die skip daar aankom, het van die vroue uit mekaar uit moes haal, jy weet, so..

**V** Sjoe!

**A** Dis maar goed, maar, maar dis aannames wat jy maak, dis nie bewyse nie, ek weet nie hoe gaan dit nou nie, jy weet?

**V** Daar is meer interessante en minder interessante jare.

**A** So ek weet, ek meen die eerste 3 meisies wat Antarktika toe was, hulle was deel van die BPI groep.

**V** Was hulle daar gewees vir 'n jaar of net vir oorname?

**A** Net vir oorname, dit was nag. Ek was die...

**V** Die PPI groep?

**A** Die BPI. Bernard Price institute

**V** O die BPI?

**A** Ja,

**V** Physicists.

**A** Ja, hulle geofisiese navorsing gedoen. Sjoe nee, moet my nie vra nie.

**V** 'n Dekade? Die '80's.

**A** Ja ek dink dit moet in die '80's gewees het, hulle het 3 gehad, 2 was wild, ek sal vir jou sê, die vlieëniers, en die wetenskaplikes, die hoof van daai wetenskap het een aand by my kom sit en huil en gesê hy weet nie waar om hulle wakker te maak in die oggende nie, dit was regtig, dit was 'n wilde trip, want hulle het, hulle het die pinger twee dae uit Kaapstad uit, die pinger wat hulle oor die kant sit verkeerde kant toe opgerol, toe is hy gesnap, jy weet, so hulle het daai hele vaart, was daar omtrent geen fisiese werk wat

gedoen kon word nie.

**V** Dan was hulle maar ledig gewees? En dan gebeur sulke goed?

**A** En jy weet, dit moet bestuur word, daai tipe goed – jy weet. Ek kan nie sê dat daar dinge gebeur het nie, ek het gehoor dinge het gebeur, maar ek hou my uit daai goed uit, jy weet, want jy is, as die leier op die groep, moet jy hou – ek meen – my motto byvoorbeeld was ek het nie saam met ouens gedrink nie, ek was nie 'n paartie animal nie omdat more moet ek optree, jy weet. So jy moet maar 'n hand hou.

**V** Sou Marietta, en Marianna kon gaan as dit nie was vir Christine Hänel was daar was vir 'n hele lang tydjie nie?

**A** Ja, Christine Hänel, ja ek dink sy het 'n [indiscernible] gegee. Ja. Nee ek dink nie so nie. Die feit dat sy was het seker iets geprove, maar ek dink dat dis daai tyd wat die liberale sy begin deurkom het dat vroue gelyke reg moet, jy moet hulle op navorsing kry, en Vrystaat groep het 'n strek groep gehad.

**V** Een van bioloë?

**A** Ja ek dink was die regte besluit gewees, want dit het, jy weet, en Marianna was 'n oulike mens, ek meen. sy was 'n sterk vrou gewees. Ek persoonlik dink nie die dinge het gebeur op die eiland nie...

**V** Leer daaruit, soos mense mens leer ken.

**A** Ja, jy weet, so ek is die laaste een om daaroor kommentaar te lewe.

**V** Ek sal met haar in elk geval self praat, so, ons ken darem ook vir Valdon goed.

**A** Ja, en Valdon ook, ek meen, en Valdon is ook 'n ou met sy eie denke en sy eie goed, ek dink hulle behoort, en Valdon was 'n botanis.

**A** Hulle kom nogals goed oor die weg

**V** En ek onthou van daai tye was dit – jy weet.

**V** Ek was laas jaar bevoorreg gewees om met 'n oorname Marion toe te gaan, en ek het my plig gemaak om ten minste met elke groep wetenskaplikes uit te gaan vir 'n dag of vir 'n veld-trip of so, en ek het saam met hom gaan plante ondersoek, en hy het my nog gewys die twee spesies wat na hom vernoem is ens. Nou, die grootste uitdaging, met Marion eiland spesifiek, as, uit 'n logistieke oogpunt. Is dit anders as die uitdagings met Antarktika?

**A** Ja ek dink Marion, Marion en Gough is vir my makliker. By Marion, jy weet, jy het 'n plan A en jy kan dit uitvoer. Laai af op die dinghy, vat hom na die kraan toe, lig hom op, ek weet nie of hulle dit nog so doen nie, dit was in ons tyd gewees, of die helikopter, jy vlieg hom af, en die vrag moet net reg geskeduleer word, en jy moet genoeg hande hê, so Marion is relatief maklik, en nou met die nuwe basis, dis 5-star campus, dis nie, jy weet, in ons tyd...

**V** Ja daar is jacuzzi's en saunas en goed in!

**A** Haai, ek kan dit nie glo nie. Jy weet, in ons tyd was dit nog die ou huisie, die hout gedeelte waar die kamertjie klein was, nie baie groter as hierdie tafel nie, die bed gehad en jy het so ingeskuif.

**V** Ek gaan waarskynlik self daar bly in squatters.

**A** Ja, squatters, daar is hy, en met Antarktika ook, Antarktika was nog erger, want toe ek daar was dit nog SANAE 3.

**V** En die Anco daarna?

**A** Ja, die Anco ene en die boonste bed het jy soveel spasie gehad tussen die bed en die plafon, en daai hele vertrek het net seile gehad wat gehang is, jy weet, elke kamer het sy, dis soos 'n tronk, man. Vrot voete, en alles wat kan vrot wees, daar binne, want jy weet, daar is nie ventilasie nie, so Marion, ja, ek dink was baie makliker gewees. Gough het 'n bietjie van 'n challenge gehad met die hoë krans, maar sy afstande was baie nader gewees. Gough dink ek, het meer psigiese probleme veroorsaak, omdat die ouens nie so om die eiland kon stap nie, hulle was baie meer beperk gewees.

**V** Ja, jy kan nie eintlik uitkom nie.

**A** Dis ook al waar ons die gevalle gehad het van ouens wat afgehaal is. So Marion, ja, dis maar, die weer verander daar in ure, dan het jy die 5 seisoene, jy weet, as jy nou daar was sal – jy weet, so...

**V** Dit was 'n besonder mooi jaar gewees in die sin van ons het omtrent 4, 5 dae reën gehad.

**A** So, ja, Marion eiland is redelik goed gewees, dis nie dieselfde as hierso nie, maar dis makliker.

**V** As jy 'n winter in Europa kan oorleef, kan jy Marion eiland oorleef.

**A** Ja, Marion is, ek meen jy kan ysreën hê, jy kan sneeu hê, jy kan sonskyn hê, heavy gusts.

**V** En Antarktika?

**A** Antarktika as jy 'n storm het, het jy 'n storm vir 3 dae, 5 dae, 10 dae, 14 dae.

**V** En dan word alles dan...

**A** Dan is alles, jy weet, in Antarktika kan jy beplan om op die, in my vroeër trips was die yswal, sê, 12 of 14 meter, so jy kyk vir goeie baai-ys, en jy laai jou vrag daarop af en jy op die ramp en jy lei, later het dit so groot geword ons het die kraan vergroot na 25 ton lifting power, hy het 'n reach gehad van ek dink 21 meter, en as gevolg van die Tundra wat afgebreek het, is die ys weggekalwer, weggekalwer, en op die ou end was die ramp, of die shelf, 35m, toe het ons begin om ramps te stoot, en die eerste ou wat dit gedoen het was Phillip de Wet, hy is ook die ou wat die Caterpillars, se... die eerste ontwikkeling gedoen het om sintetiese olies op te kry.

**V** O?

**A** Ons het die van Switserland af laat inkom.

**V** Het dit gewerk?

**A** Ja, en dan die voertuie gestart en hy het 'n stelsel gebou, wat die, hy was die ou wat in beheer was van dit op daai stadium, want, saam met Barlows, wat ons die [indiscernible] gehad het wat jou battery en olie tenk warm gehou het, so jy is later die voertuie op minus 40 grade gestart, waar in die ou dae, as dit minus 10 is, dan het jy met blou lampe die sump warm gemaak, dit sal Gustav jou vertel, hy was daai tye daar, die sump met 'n blou lamp warm gemaak tot die olie op 'n tyd is dat hy kan deurgaan, en met, jy weet, daai sintetiese olies het dit op 'n punt gekom dat jy nie meer die Caterpillars teruggebring het nie, jy het die mechanics soontoe gevat om die diens te doen. So dit was, baie meer koste-effektief geword.

**V** Die ramps wat hulle stoot, dit klink vir my na 'n baie gevaarlike risiko-belaaide ding?

**A** Dit is ja. Groot risiko.

**V** So waar het julle die ekspert gekry om dit te doen?

**A** Dis maar ouens wat, jy weet, gewoond was om bulldosing te doen, en die ondervinding is daar opgebou, so jy het kundiges gehad wat weet, want as die yswalle so is, so is, en hierdie is, laat ek net gou kyk, Suid-Afrika lê so, so dit sal wes wees, oos, so jou weste walle sal jy nooit op aflaai nie, want jy sal krake en goed kry. Jy verkies om op hierdie wal af te laai, as jy kan op die ooste-wal aflaai, want hy is baie meer solied, maar die ramp word van hier af gestoot, so wat jy sal doen is jy sal hom begin stoot, jy sal merkerpale sit sodat daai ou wat stoot tot net op 'n sekere punt ophou, en dan, met die gewig wat jy opbou hiernatoe, sal hierdie ding begin breek. So jy stoot, stoot, stoot, tot hy op 'n sekere punt is, en dan sal jy die Caterpillar wat hier is aan 'n ander Caterpillar vasgemaak word met 'n winch en hierdie een anker hom, sodat hy net op 'n punt kan gaan sodat hy nie afval nie.

**V** Want ek verstaan daar het een verloor?

**A** 'n D4.

**V** Dit was nog Wes Bezuidenhoudt of iemand?

**A** Wes Bezuidenhoudt, ja.

**V** Ja dit moes nogals 'n, was jy daai jaar daar gewees?

**A** Ja ek was.

**V** En hoe het dit gelyk van daar ver af?

**A** Nee ek meen dis soos 'n, ek meen, dis ongelooflik groot daai plek, dit lyk soos 'n dinky toy wat in die water val. Hy het uitgespring, en daar is veiligheidsgoed ook, so wanneer jy dit doen, is altwee kante se deure, is vasgemaak, is oop, en die luik bo is oop.

**V** So as hy dalk vinnig moet uitkom, wat nou in dié geval gebeur het.

**A** Ja, so as jy nou so val, kan jy nou hierdie kant uitkom, of jy kan by die luik uitkom as hy tussen twee goed val dat hy bo kan uitkom, as hy op sy dak val kan jy weerskante uitkom, so dis maar alles veiligheidsgoed. Ai, ek wonder waar is al my goed wat ek geskryf het?

**V** Oor die? Ons sal biejie kyk.

**A** Ja, en sommer opleisdingsgoed, baie van die goed handgeskryf en...

**V** Dit sal baie interessant wees om te sien.

**A** En programme wat ek gemaak het, soos byvoorbeeld, as mens Antarktika toe ry, opsie A is ramp, opsie B is gaan Neumarket toe, opsie C - vlieg alles af, as jy opsie C doen, moet jy die Caterpillars so dismantle sodat die gewig binne 'n bepaalde... al daai goed word beplan op die vaart al.

**V** Klink na harde werk, dis ook iets wat ek baie graag sal wil sien, ek is seker dit sal baie insiggewend wees.

**A** Ek moet bietjie vir Richard vra, ek het die goed destyds vir hom gegee. Dit was in so 'n pienk houer, ons het al die goed bymekaar, dis nie soos vandag wat jy alles mooi archive nie - jy weet.

**V** Dis wat ons probeer doen. Ek weet nie hoe baie jy op daai vlak betrokke was nie, maar hoe gereeld moes mens met die UK, VK, Verenigde Koninkryk, korrespondeer oor Gough eiland, hoe het daai kontrak gewerk? En moes julle elke keer laat weet as jy gaan?

**A** Die eerste kontrak (en dit kan jy hier op lêers kry)... die aanvanklike kontrak was gewees dat ons Gough eiland kan gebruik solank ons wil, teen 'n peperkorrel 'n jaar, op versoek van die Queen. En ek wil my verstuit, ek dink dis in die 1990's, is daai kontrak gewysig, waar ons dan in ruil vir die benutting van Gough eiland vir hulle 'n sekere hoeveelheid plek op die skip gee en vir hulle 'n vrag vat, so dit het eintlik 'n exchange geword.

**V** Vir 'n vrag wat dan Tristan toe?

**A** Dis Tristan da Cunha toe ja.

**V** Was u op Tristan gewees, met daai vaart?

**A** Ja.

**V** Met daai vaart? Met die goewerneur self?

**A** Ek het, ja, en hy was saam met my op 'n skip gewees ja.

**V** Was dit nog 'n Goeweneur, toe was dit 'n Goewerneur van buite, was hulle toe nog onder St Helena, of was hulle op hulle eie?

**A** Nie die UK, dit was n ou wat van UK gestuur is.

**V** O.

**A** Sy naam sal ek nie vir jou kan sê nie.

**V** Het hy gegaan om daar te bly of is hy...?

**A** Ja, hy het die aflos gaan doen wat hy die een wat daar was toe, gaan aflos het. Ek weet nie of dit vir 'n vakansie was nie, of vir 'n permanente ding nie.

**V** Ek dink vandag sit hulle goewerneur in St Helena.

**A** Is dit?

**V** Omdat hulle onder St Helena val. Wie was Suid-Afrika se grootste bondgenote in Antarktika, in die sewentigs?

**A** Jy het twee pole gehad, jy het jou yser-lande gehad en jou nie-yser lande, so alles het rondom dit gegaan. Alhoewel, jou yse, nie 'n, stands gehad het nie, het dit tog 'n rol gespeel wanneer jy kom by, want die Antarktika verdrag het alles met konsensus so wanneer jy sekere goed onderhandel, in die sewentigs was Suid-Afrika nie sterk nie, as gevolg van die politiek, maar die Antarktiese program was die enigste internasionale program waar Suid-Afrika betrokke was. Die res was, as gevolg van apartheid was die ouens uitgesny gewees. So Antarktika was strategies vir Suid-Afrika 'n belangrike kontak met die buitewêreld en met die internasionale wetenskaplikes.

**V** Maar wie was die grootste bondgenote in terme van, sê nou maar, logistiek?

**A** Ons het op ons eie gewerk, ja. Sewentigs was maar op jou eie.

**V** Het Duitsland nog hier gestop, in Kaapstad?

**A** Nee, Duitsland was toe nog nie in Antarktika nie, in die sewentigs nie.

**V** Was hulle toe nog nie daar nie?

**A** Nee, die Duitsers het eers, jis hulle het heelwat later gehad. Jy het die Oos-Duitsers gehad, en hulle was deel van die Russiese groep, en hulle het by Novolazarevskaya gebly wat, die novel basis gehad het en dan het jy die Oos-Duitsers se basis langs hulle gehad. Ek was daar ook gewees, ek en Gustav Nel.

**V** Maar het hulle nie van Kaapstad gevaar nie? Van waar het hulle...?

**A** Nee.

**V** Het hulle dan Australië gebruik as 'n...

**A** Ja, maar Australië of hulle het, jy weet, om die punt gekom. Ek kan nie onthou in die '70's dat hier skepe van ons, hulle sou miskien brandstof ingeneem het, maar meeste van die ouens het dit vermy. Die laat '80's, en die begin '90's het die dinge begin ontwikkel, waar Duitsland, die Nordic countries in Suid-Afrika was redelik sterk met logistiek samewerking, ouens, want hulle het geld gehad, en hulle het sekere kundigheid gehad, en ons het sekere fasiliteite gehad van skepe, en dan binne jou verdragsisteem, as ek kan onthou, en ek het baie delegasies gelei, Suid-Afrika was redelik neutraal altyd, as gevolg van ons binnelandse, of internasionale beleid, maar met sekere goed het ons leiding gevat, soos met die Protokol en die beskerming van Antarktika, toe die ou minerale regime uitgegooi is, die Protokol het Suid-Afrika 'n redelike groot hand in gehad.

**V** Ek wil nog kom hier by CRAMRA, wat Suid-Afrika se standpunt was. Net gou eers: soos ek verstaan is die RSA, was in Japan gebou is, het hulle in die parlement vrae gehad daaroor, hoekom die kontrakte...

**A** Die Agulhas?

**V** Nee, eers die RSA, toe dit in die 1960, in wat, 1962 gebou is, was daar in die parlement vrae gewees oor

hoekom hulle Japanese kundigheid gebruik en Japanese ingenieurs, en nie Suid-Afrikaners nie. Was daar soortgelyke ongelukkigheid met die Agulhas?

**A** Nie wat ek van weet nie.

**V** Nee?

**A** Ja, maar Gustav sal jou nou beter daaroor kan sê, ek het ingekom toe hy nou al redelik deur die proses is, maar sover ek kan onthou, nee. Dis eintlik vir my nuus wat jy nou sê met die Japanese, want, ek meer Suid-Afrika het nie skeepswerwe gehad nie, hulle het geen ys-kundigheid gehad nie, dis logiese goed vir my – jy weet.

**V** Ja, maar daar was vrae by die parlement daaroor.

**A** Daar sal wees... Ja, jy gaan nou 'n klomp vrae kry...

**V** Hoekom die skip in Finland gebou word of wat? So, en die RSA, verstaan ek was ook nie 'n groot sukses as 'n poolstop gewees nie?

**A** Ja, hy was 'n versterkte boeg gewees. Hy het sy ding gedoen. Ek sal vir jou sê dit was die rooi poskoets gewees, as ek reg was, het hy maar, 34 passasiers kon dra, klein, maar hy het sy ding gedoen, ek het baie vaarte op hom gedoen.

**V** Herr Funk ontmoet?

**A** Ja, ek het lang stukke, baie saam met hom gery.

**V** Enige Funk staaltjies?

**A** Ja, ek een, kan ek onthou was Marion toe gewees, en Chris Grove was die leier gewees, en hulle het in die span, Graham...

**V** Clark?

**A** Nee Graham Clark is die outjie wat...

**V** O, verlam was?

**A** Ek het sy goed gehanteer om hom uit te bring en sy ma-hulle gaan sien, en so. Daar is baie...ek het gewonder waaroor ek gaan praat, maar nou kom al die goed terug. Maar any case, en hulle het 'n hengse lot Tas gekoop, Tas-wyn, die hele kajuit het so van die deur af so vol gestaan met twee rye Tas-wyn. En toe het Kaptein Funk vir my en Chris Grove geroep, jis, en hy het ons uitgedinges, en ek het net vir hom gesê, Captain, 'I'm sorry, do you, want us to dump it overboard?' toe sê hy 'No that's fine sir, son' draai hy om, toe loop hy. Want ek was jonk daai tyd, jy weet, Chris Grove was bietjie ouer, bietjie meer mature, jy weet, maar ek was in charge van die ekspedisie gewees, ek meen. Maar Funk, jy weet, daar is baie goed, want daai tyd op die RSA het hulle die deurtjie oopgemaak en dan die, wat noem 'n ou dit? Die dinghy so gelê en dan moes jy spring dan sê hy, 'If I tell you you must jump, you must jump!' En dan stamp hy net, jy weet, so, en hy het altyd sy, as ons by die hawe terugkom, sy trekklaviertjie by die venster uit gespeel.

**V** O rêrig? Watter musiek het hy gespeel?

**A** Duitse musiek, jy weet, van hierdie regte...

**V** Die vrolike Duitse musiek.

**A** Ja, as jy terug gekom het, en hy was ook een van die min kapteins daai stadium wat 'n lisensie gehad het om 'n skip in te bring en uit te vat sonder...

**V** Pilot boats?

**A** Pilot boats.

**V** Wow!

**A** Ja.

**V** Dit klink my hy was nogals baie competent gewees?

**A** Hy was brilliant gewees, en die ou wat by hom oorgeneem het was kaptein Bill Leath, hy het weer sy eie ding gehad, die wetenskaplikes en hy het nie eye-to-eye gesien nie.

**V** Ek het soveel afgelei ja...

**A** Ja, en Funk ook, Funk, ou was tough, maar daai ou kon jy jou hande in sy lewe gesit het, hy was brilliant.

**V** Op een van Chris Grove se leiervaarte, hy was drie keer leier gewees (spanleier), het hy vertel van pikkewyne wat julle gaan vang het op Prince Edward eiland. Was jy betrokke daarby?

**A** Nee, maar ek weet van dit, vir, dit was die pikkewyne wat vir John Visser se groep was.

**V** O, Ek dag dog vir 'n dieretuin? Dis hoe ons dit het...

**A** Daar was, is, op 'n stadium is daar permitte uitgereik.

**V** Ja, dit was immers die '70's en '80's, die reëls was baie anders oor goed.

**A** So ja, so jy het pikkewyne teruggebring vir die dieretuin en dan ook die een ou wat eintlik maar dit was John Visser wat redelik permitte gekry het in daai tyd, om pikkewyne te bring.

**V** Wil jy net 'n bietjie uitbrei oor Graham Clarke? Was dit die eerste, ek wil amper sê, noodgeval, wat jy moes hanteer?

**A** Ja, Graham Clarke was, het op 'n naweek gebeur wat hy so siek geword het, en sy, dit was sy tweede trip gewees.

**V** Hy het mos 'n beroerte of iets gekry?

**A** Ja, dit was 'n "clot" gewees, wat, aanvanklik het hulle gedink dis breinvliesontsteking, so ons het daai goed, in 'n naweek gereël.

**V** Was u hier in Pretoria?

**A** Ja, in Pretoria gewees. Ja, jy weet die hele rescue mission gereël met die vloot, met die lugmag, mediese dokters gekry van Een Militêr en hulle het hom toe gaan haal, die helikopter, en daar was ook net 'n, letterlik net minute wat die ding oopgemaak het, om hom van die eiland te kry.

**V** Met wie by die vloot het jy geskakel? Op watter vlak moes dit gereël word?

**A** Op die ou einde was die Direkteur Generaal en die hoof van die vloot magtig, die goed, maar ons het al daai goed, en vir daai ding het ek ook 'n handleiding geskryf toe, hoe 'n ou noodgoed moes hanteer, so tien teen een sal jy by Richard Skinner, want hy is ook in die gebou, alles op lêer kry, op Graham Clarke se lêer wat nou nog hier is, sal jy al daai goed kry. Jy weet, so dit was nie 'n besering aan diens nie, want daar was redelik issues rondom dit, anderste kon hy geclaim het, want toe was hy verlam, sy broer was op Antarktika fisikus, Justin Clarke. So dit was nogals traumaties, en ek onthou toe hy by Simonstad aankom, die dag, dis waar ek nie van die pers hou nie, waar hulle hom uit die skip uit laai in die ambulans, een van die fotograwe nog gehardloop, die deure oopgemaak om 'n foto te neem.

**V** Ag jislaaik.

**A** Ja, jy weet, so dis...

**V** Was Justin Clarke daardie jaar op Antarktika?

**A** Nee, hy was, net voor hom, of net ja, want ek weet, want Justin Clark het vir hom al sy stelsels ontwerp, om sy rekenaar aan te sit, en ek weet nie of julle hom gaan...

**V** Ja, ons gaan probeer, ons gaan probeer.

**A** Baie emosionele outjie nou, groot seun gewees.

**V** Ja, ek het foto's gesien, en dit lyk my hy was 'n baie aktiewe ou gewees ook?

**A** Ja hy was, en een van die ornitoloë, voëlkundiges het, die dokter het vir hom gesê om die drip's en goed in te sit, oor die radio, en daai tyd was dit nog nie dit was net telefax, voice gewees, so ons het daai link gemaak deur Kaapstad Radio deur SANAE, ag Marion toe, en dit was een van die voëlkundiges, want eintlik die rol van mediese ordonnans oorgeneem het om hom vir daai jaar vier, vyf dae tot die skip daar te kom, te kon stabiliseer.

**V** Maar hierdie goed was redelik maklik om te reël, in die erns van die situasie, daar was nie weerstand rêrig gewees nie?

**A** Ja, ek meen die eerste ding worry jy nie oor geld nie, die tweede ding is, jy, en omdat daar 'n redelike goeie verhoudings was rondom die Antarktiese program, die strategiese belang vir die Antarktiese program, is dit met die vloot, en die Geneesheer Generaal se kantore vinnig gereël.

**V** Vinnig gereël?

**A** Nee dit was letterlik ure, na ons dit gekry het was hulle reg om te ry, ek dink, as ek reg is nog middernag geseil ook nog, so jy weet.

**V** Nou wil ek... terug by die skip. Daar was op die nooiensvaart 'n moord gewees, hoe moes julle dit hanteer?

**A** Toevallig die outjie, Tronkie O'Brian, ons ou wat daai tyd op die nooiensvaart was in '76, sy vrou was, hy is so 'n ruk terug aan 'n hartaanval dood. Nee, ek meen dit was soos enige moord, jy weet, die ou, wat ek verstaan wat gebeur het, hoe hulle gepraat het, jy weet, is maar probleme gewees tussen die ou, die twee, die een het die ander een dood gekap met die byl, en daai ou is toe in 'n aparte kajuit toegesluit, soos die Handelskeepvaart-Wet vereis, en op die ou end het hy oorboord gespring, deur die patryspoort oorboord gespring.

**V** Wie was kaptein gewees, was dit Funk?

**A** Leath

**V** Was dit Leath?

**A** Ja, en daai, die laaste keer toe ek op die SA Agulhas was, het hy nog op die tweede vloer gehang met sy

pienk lyntjie, want dit was 'n bewysstuk in die hof gewees.

**V** Maar die vaart soos ek verstaan, is, hulle het die mense afgelaai op Marion en toe dadelik teruggegaan, op hierdie vaart?

**A** Ja hulle het direk teruggekom, en toe, jy weet...

**V** En was hulle, hulle goed gereël, was dit in die nuus gewees? Hoe groot storie was dit?

**A** Ja, daar was dinge in die nuus gewees, en ek dink jy sal persberigte kry rondom dit. En toe het die polisie op, jy weet, die skip gegaan, honde gehad om die ou te soek, om te kyk of hy nie iewers wegkruip nie.

**V** Was die moord drank-verwant?

**A** Nee, ek dink dit was vrou-verwant. Of dis wat ek verstaan het, maar ek kan nie my, ek sal dit maar nie in die hof sê nie

**V** Maar het hierdie moord...

**A** Dis drank en vrou verwant ja.

**V** So het hierdie moord 'n beleid gevolg gehad vir die Agulhas?

**A** Ek weet nie, ek dink nie, ek dink daar was, miskien, altans die nooiensvaart was die ouens 'n bietjie losser gewees, die eerste vaart, maar daar was, jou crew byvoorbeeld kon nie drink nie, hulle kan een bier 'n week gekry het of iets, maar dit hang van die kaptein tot kaptein af, jy weet, want hy bestuur dit.

**V** So daar was nie toe, dat dit 'n droë skip word of so tipe ding nie? Nou wil ek net gou-gou by CRAMRA kom, wat.

**A** ...jy moet 'n dingetjie maak, 'n staaltjie wat ek kan vertel oor die kroeg-goed.

**V** Okay. Ek sal 'n nota maak. Wat was Suid-Afrika se standpunt gewees met CRAMRA?

**A** CRAMRA die...?

**V** CRAMRA, die minerale regime.

**A** Ons het dit ondersteun, as 'n nie-claimant State, want ek meen, Antarktika is die mineraal-rykste kontinent in die wêreld, dit weet ons, ons weet hoe hy in fit met Gondwana...

**V** Hoe dit netjies in fit met Suid-Afrika en Mosambiek?

**A** Ja, Mosambiek, ek meen, van die ekologiese werk wat daar gedoen is kan jy reguit trek MOSGAS toe, so dis interessant vir so, hy het 'n nie-claimant State was CRAMRA 'n goeie opsie.

**V** En CCAMLR?

**A** CCAMLR, om jou grootste oseaan suid van Suid-Afrika, was CCAMLR ook 'n belangrike ding, om die mineraal bronne te beskerm.

**V** Maar hoeveel sê het Suid-Afrika gehad daarin?

**A** Ek dink soos met enige verdragsland, alles is met konsensus, so jy het dieselfde sê, as, die land naas jou gehad, maar CCAMLR het ons 'n groot rol gespeel met Denzil Miller, so Denzil was 'n groot boffin, highly rated in CCAMLR, ek dink hy en van die Australiërs het eintlik maar die CCAMLR konsepte op die tafel gesit.

**V** Terug net by CRAMRA, daar was hierdie ou van, ek dink dit was oorspronklik van Rhodes, wat hierdie ding gesê het van hulle moet CRAMRA deursit sodat die wêreld nie meer afhanklik is van Suid-Afrika se minerale nie, 'n Martin de Wit, of iemand. Was dit ooit 'n issue gewees? Regtig?

**A** Nie wat ek kan onthou nie.

**V** Dat Suid-Afrika se minerale, dat hulle moet Antarktika moet ontgin sodat hulle nie....

**A** Ja, maar niemand kan in Suid-Afrika ontgin nie, want Suid-Afrika is Siurana staat, hy word beheer deur sy wetgewing, so wanneer internasionale wetgewing of internasionale konvensies geteken het, is nog steeds ondergeskik, aan jou land se wette, aan jou land se grondwet.

**V** Maar die konsep was eerder dat die wêreld nie by Suid-Afrika goud, of Uraan of wat ook al, kan koop nie, of platinum, want hulle kry dit in Antarktika.

**A** Ja, ek weet nie, want daai ding word 'n ander konsep, want jy wil juis uit Suid-Afrika, om jou betalingsbalans te handhaaf, moet jy diamante verkoop, jy moet onder beheer wees.

**V** Ja, en sy konsep was dan gaan Suid-Afrika gecripple word, so half 'n anti-apartheid, ding, maar as dit nie regtig op die tafel was tydens CRAMRA nie...

**A** Nie wat ek van weet nie.

**V** ...weet ek nie hoe belangrik, want dit, want dit is wat jy kry as jy Google sê nou maar Google, ek het nou nie heeltemal gegoogle nie, Suid-Afrika CRAMRA, kry jy hierdie...

**A** Ek probeer nou die ding... die ou wat jy mee kan praat is Albert Hofman.

**V** Judge Albert Hofman?

**A** Ja, hy was baie betrokke by die CRAMRA se goed, hy sal vir jou die, die ware waarheid kan sê, maar ek kan nie onthou dat dit ooit gesyfer het nie.

**V** En toe het dit mos nou verander redelik vinnig na die Madrid-Protokol toe?

**A** Ja

**V** Wat was Suid-Afrika se standpunt daar?

**A** Dit het ons gesteun, ja, en op daai stadium is die Suid-Afrika Environmental-Wet ook net ingekom, so die goed het mooi ingepas.

**V** Saamgewerk. En dit was ook in '92 wat dit vasgemaak is so...

**A** Ja, in CRAMRA self het ons 'n paar ouens gehad, Petrus van Rensburg wat hier by ons gewerk het, wat baie gehelp het met die skryf van handleidings oor impact assessments, ons basis, die SANAE basis, was die eerste ene wat gedoen is in gevolge die Madrid-Protokol. En baie van die resolusies wat jy vandag sal sien, het voortgevloei uit werk wat Suid-Afrika gedoen het rondom die Protokol. Jou environmental health and safety management stelsel, was ook een van die eerstes wat geskryf is. Ons EIA was nie 100% nie, maar ons het hom gepush om daai status te kry binne die, en hy was so aanvaar, deur die verdragsvergadering. En dit sal jy kry in jou verdragslande-resolusies, waar hulle, ek dink, hy is aanvaar, jy weet, ek dink dit was die, ek was op daai afvaardiging gewees. Waar hy gelys is, dat ons ding aanvaar is as die basis vir die...

**A** As die basis, as die grondteks, basies.

**V** Ja, dat ons kan voortgaan met die bouplan.

**A** In die '70's, wie was in beheer van die wetenskap, wie het daai budget toegeken?

**V** Die kantoor van die Eerste minister.

**A** Was dit toe die kantoor van die Eerste minister, het hulle die budget dan gegee vir Departement Vervoer om dit te versprei aan die wetenskaplikes?

**V** O die oorhoofse ene?

**A** Ja.

**V** O, okay nee, want die, ek moet die waarheid sê ek weet nie...

**A** Spesifiek Antarktiese wetenskap.

**V** Ja, Antarktiese goed het na Vervoer toe gekom, en ons het ons insette gegee. Weerburo en die Antarktiese program, daai geld het dan na die Antarktiese program gegaan.

**V** So die Antarktiese program het onder Departement Vervoer geval, maar onder 'n ander afdeling as die weerburo?

**A** Dis reg ja.

**V** Was daar 'n tipe van 'n oorhoofse komitee gewees toe?

**A** Ja daar was in-huis gewees en dan het ons gaan vergader, waar die, partykeer by die unie gebou, en partykeer waar, ek kan nie onthou wie was die [indiscernible] nie, maar dit was 'n groep ouens by die Uniegebou, ja, jy weet, hoofsaaklik.

**V** En watter insette het wetenskaplike gehad in hierdie budget-toekenning?

**A** Baie min. Ek dink so. Dit was 'n burokratiese proses gewees wat gevolg was.

**V** Wie het besluit watter velde van wetenskap kry hoeveel geld?

**A** In die '70's weet ek nie, maar Gustav sal jou kan help, want Gustav was leier gewees in '71. Ek dink so ja.

**V** Ja, en was daar toe 'n Suid-Afrika komitee vir SCAR gewees?

**A** Ek weet nie.

**V** Okay. Wat was die beleidskenmerke jeens die omgewing gewees in die '70's? Was daar eniges?

**A** Weereens, ek was nie in daai tyd, my indruk was, die omgewing was laaste gewees, as jy brandstof gepomp het, en jy het brandstof gemors het jy nie daaroor geworry nie. In die 19-laat-80's, begin '90's, het dit ernstig geraak, alles was baie meer, in daai jare, [indiscernible] water gesit en gebrand, maar het geld vir die hele Antarktika, as jy na Novolazarevskaya gegaan het, het dit gelyk soos 'n scrapyard met al die voertuie wat daar gelê het.

**V** Wanneer was jy in Novolazarevskaya gewees?

**A** Jislaaik, ek dink dit was laat '80's.

**V** In die jaar 80 eers?

**A** Ja, ek en Gustav Nel, daar was ook 'n insident...

**V** Voor of na die ystergordyn?

**V** Na,

**V** Watse insident was daar?

**A** Die insident was daar gewees, ons het met die helikopters gevlieg, in die eerste plek het een van die ouens se life jackets het by die hutte plek gelê, en ons het gery, dis net krewasse, wat jy so oor ry, en toe is daar 'n ontploffing binne in die helikopter, almal se oë net so groot, toe het daai ding eers gegaan, maar die tweede insident was, toe land ons by Novolazarevskaya, toe van hulle ons nou deur hulle basis, en daar is 'n Rus gewees wat Tamaties gekweek het, en hy het twee sulke klein tamatietjies gehad, en hy verduidelik alles wat, en toe ons nou verbystap, toe vat een van die vlieëniers en hy pluk die een tamatie af en eet hom.

**V** Was die Rus bietjie vies gewees?

**A** Jis, ek sal vir jou sê, dit was een ding...

**V** Was dit 'n Suid-Afrika vlieënier gewees?

**A** Ja een van ons ouens, dit was nogals groot...

**V** Amper 'n diplomatieke insident oor 'n tamatie!

**A** Groot probleme, en die ander een was, ons het so by 'n tafeltjie gesit dan het hulle vir ons daai Russiese vodka gegooi, jis ek sal vir jou sê, van die ouens is na die helikopter toe gedra, want jy, jy weet, jy dink mos nou nie. So...

**V** Ek verstaan die Russe het nogal anderste soort limiete as die res van die wêreld...?

**A** Ja, hulle was...

**V** Hoe baie het hulle uitgevra by die Suid-Afrika Antarktiese program oor die South Atlantic Flash wat daar was? Die sogenaamde Vela insident? Waaroor Suid-Afrika nou, kwansuis saam met Israel 'n atoombomtoets gedoen het?

**A** Nie by een plek waar ek was nie.

**V** Het hulle niks gevra nie?

**A** Niks nie, ek het nie, by een verdragsvergadering, ek sou gedink het daai goed sou baie op die internasionale DIRCO vlak gehanteer gewees het, en dis nog 'n mystery vir my ook – jy weet.

**V** So hulle het, hulle het niks met?

**A** Ek kan nie onthou by enige vergadering waar ek was, wat dit ooit...

**V** By die Antarktika verdragslande nie? Hoe baie politiek het julle gepraat by die Antarktika verdragslande wat nou, ek wil amper sê, water-cooler politiek, wat nie spesifiek Antarktika gebonde was nie?

**V** Baie min, goed wat baie na vore gekom het, is die Falkland-Argentinië-Engeland issue, want hulle het van die, van yslande, gebiede verys, wat in dieselfde gebied verys, die Falkland...

**A** Dis maar 'n lang geskiedenis.

**V** Dis 'n lang geskiedenis, so 'n ou kon dit bespeur dat as daar sekere goed opkom wat die Angentyne voorsit, sal die Engelse dit, tot 'n mate opponeer, en vice versa, so dit het, in sekere goed het dit 'n stroom veroorsaak.

**A** Het die Britte ooit oorweeg om Suid-Afrika, of ek wil amper sê logistiek, of magte te gebruik vir Falkland oorloë?

**V** Nee.

**A** Nie?

**A** Daar was sprake gewees en daar was baie in die nuus geskryf dat die Protea, was in daai tyd in daai gebied, maar dis nooit bevestig nie, jy weet, so ons sal ook nooit weet nie.

**V** Maar is dit nie bepreek by die verdragvergaderings nie?

**A** Nee, daai politiek word uit daai goed gehou, jy weet, daai goed sal in bilateral kommissies gehanteer word

**V** Het julle geleentheid gehad by die verdragvergaderings om met ander delegasies net sosiaal te praat oor sekere politiese aspekte?

**A** Ja, dit is maar, maar in die '70's en die '80's was ons muishond, jy weet, so jy het nie, jy het vergaderings toe gegaan, ouens sal met jou in 'n one-on-one gesels, maar hulle sal nie sosialiseer wanneer dit is nie, want ons is as die apartheid ouens gesien.

**V** So julle was maar pretty much dan terug na die hotelkamers toe en op julle eie tafels gesin in die restaurante ens?

**A** Ja, jy, jy het sekere ouens gehad wat jy nou, goeie kontakte mee gehad het, wat nie, jy weet, dis maar baie, ek meen, jou Engelands en USA, was maar redelik baie ge-align op daai stadium, dan jou Argentinië, Chile, jou Suid-Ameriaanse blok met Spanje, toe, hulle later inkom, was ge-align.

**V** En dan die Oosblok?

**A** Ja, jou Oosblok het jy gehad, dan, jy weet, selfs Nieu-Seeland was baie ge-align, Australië wat baie ge-align met die, Engeland en, jy weet, 'n sekere denkers, waar onthou, Nieu-Seeland is 'n yser land, Australieë is yser, so sekere goed sou jy saampraat en sekere goed sou jy nie saampraat nie.

**V** Het die, die kwessie van Noorweë wat 'n yser land is, maar nie self eintlik 'n basis bedryf het nie, nie eens 'n somerbasis nie, het dit ooit ter sprake gekom?

**A** Nee, maar daar was vir die Noorweërs kan ek onthou op 'n stadium het dit 'n issue begin word vir hulle om 'n basis daar te hê, dit is, waar hulle saam ons begin werk het om die Troll basis te maak.

**V** So?

**A** So hulle het nie 'n basis gehad nie, maar hulle het hulle teenwoordigheid met skepe daar verseker, so hulle het so elke tweede, derde jaar het hulle 'n navorsingsvaart gehad, en spesifiek in daai Queen Maud Land gebied te werk, te operate.

**V** Nog walvisnavorsing?

**A** Ek weet nie of dit walvis, ek glo nie dit was walvisse nie. Dit was, want ek was op die skip gewees, dit was, miskien het ek nog foto's, Kafska of so iets was die skip, maar dit was suiwer oseanografiese werk.

**V** Ja dit kan wees, en hulle het nooit 'n issue gehad nie, want noorweë het nogals 'n baie sterk anti-apartheid-lobby gehad, hulle het nooit 'n issue gehad met Suid-Afrika se basis op hulle ys nie?

**A** Nee, want die ys is nie erken nie. Jy weet, so selfs die Duitsers het in daai selfde gebied ingekom, ek meen, hulle het nie 'n sê nie, want die verdrag was vir 30 jaar, en hy is verleng, so dis, dit is nie 'n issue gewees nie. Ek weet nie in die groter politiek wat die groot base met die bleskol

**V** En die grys broeke en die grys sokkies. Okay, Toe in die 1980's, watter veranderinge het daar in die struktuur gekom, toe dit oorgeplaas is van Departement Vervoer na Omgewingsake en hoekom is daai besluit gemaak?

**A** Ek dink, die besluit was suiwer gewees, dat die omgewingsgoed moet bymekaarkom, aanvanklik was Weerburo by Vervoer gewees, omdat hulle gesê het die weerburo dien die vervoerstelsels, die skepe en die lugrederye, en die argument was, maar dit is nie so nie. Dit het ook omgewingsimpak, en dit moet meer onafhanklik wees, so die weerburo is toe na Omgewingsake toe gestuur, en die Antarktiese program was maar gelink.

**V** Aan die weerburo?

**A** Aan die weerburo, want Marion was hoofsaaklik 'n weerstasie, Gough is 'n weerstasie, Bouvet is automaties 'n weerstasie wat jou, bo op jou program gewees. SANAE was op daai stadium hoofsaaklik weer in fisika, so die twee was saam gebring, waarvan die een die logistieke arm en die een die weerburo s'n was. Ek dink dit was 'n goeie move, want dit het daartoe gevolg gehad dat Antarktika, die Antarktiese program het na nuwe hoogte gestyg.

En die wetenskappe daai tyd?

Meer geld. Ekskuus tog. Die...?

**V** En die wetenskappe daai tyd? Waar is dit geplaas?

**A** Die wetenskap was toe nou ook by Omgewingsake, maar dis waar die SNO, of die ja, SNO begin gekom het..

**V** Wat is die Engelse afkorting daarvan?

**A** Die FRD.

**V** Okay, so dit was toe, wanneer was dit by die WNNR gewees?

**A** Van wanneer tot wanneer weet ek nie, maar ek dink dit moet in die laat '80's wees.

**V** Was dit in die 1980's wat daar so half begin frik... ek wil amper sê, friction, break (wrywing) gekom het tussen die wetenskaplikes en die logistiek en die...

**A** Ja, maar ek meer dit was al in die dae by die Departement Vervoer, was dit al 'n issue, maar die wetenskaplikes het nie so gegroei nie, jy weet, want toe daar skielik 'n groot wetenskaplike begroting kom, het jy bietjie meer navorsers begin gekry, meer universiteite maar, dit was die tradisionele universiteite van Vrystaat, met [indiscernible], die evolusie team met die voëls, Natal met die geoloë, Potch met Fisika, Pretoria het later ingekom met die biologiese werk, jy weet, so...

**V** En toe is dit eers Stellenbosch toe geskuif?

**A** Toe is dit Stellenbosch toe, want, dit het maar om persone gegaan, Stellenbosch het destyds vir, wat was dit...? Verwoerd was ook daar gewees, né, of was hy?

**V** Ja Willem Verwoerd.

**A** Ja hy was ook op 'n stadium op Stellenbosch, so daar het hy...

**V** Daai man...

**A** ...so bietjie links begin kom.

**V** Maar ek dink Stellenbosch, persoonlik dink ek is, toe Valdon skuif en Steven skuif, wat dit, wat Stellenbosch bietjie op die map gekom het.

**A** Ja nogals baie op die map gekom.

**V** Om die waarheid te sê ek het redelik kontak met, verloor, met die Antarktiese program van waar ek nou sit – jy weet. Want na ek dit gedoen het, het ek die oorgrensparke begin

**A** O ja, ek weet daarvan. So die besluit is geneem om die WNNR toe te vat om meer, wetenskaplike...?

**V** Nee jy sien, want die FRD was opgesit gewees om wetenskap te bevorder so jy het verskillende...

**V** Onder wie het die FRD geval?

**A** Hulle het onder Departement van Science and Technology, ek weet nie wie was daai tyd verantwoordelik vir dit gewees nie.

**V** Wanneer he Suid-Afrika 'n Departement van Wetenskap gekry? Dit was ook redelik laat gewees?

**A** Dis nou tweede termyn.

**V** O, so dis post-94 gewees?

**A** Ja.

**V** Wat dit vir 'n ruk by die WNNR was?

**A** Nee, maar voor dit was die FRT daar begin, en as jy vir Pat Kondi kry, hy sal vir jou daai geskiedenis...

**V** Ja, want ek wil graag uitvind waar, wanneer en hoekom het hierdie skeiding plaasgevind, want dit voel vir my in die afgelope 20 jaar, 30 jaar, was dit konstant elke 5, 6 jaar omtrent onder 'n ander Departement geval.

**A** Ja, want die FRD was geskep, want die WNNR was 'n arm gewees, en ek kan nie onthou van watter Departement hulle was nie...

**V** Nywerheid seker, dalk?

**A** Ja, dit kan wees, ja, want die WNNR het onder hulle geval, ja. En toe is die FRD gestig.

**V** Daar was sporadies, maar die vroegste wat ek dit raakgesien het in, in die 1960's, voorstelle gewees vir 'n Antarktiese entiteit, Antarktiese instituut, soortgelyk soos BAS, was dit 'n vraag gewees in die '80's toe hierdie skuif nou moes plaasvind?

**A** Ek dink daar was altyd ouens wat dit gedruk het, van jou wetenskaplikes het gevoel as jy 'n British-Antarctic Survey het of iets, sal jy, sal die wetenskap 'n groter rol speel, en daar was toe die onafhanklik ondersoek gewees wat gelei is deur Rob Adam en Professor Olav Orheim van Noorweë, wat daai evaluering gedoen het.

**V** O, Olav Orheim ?

**A** Olav Orheim.

**V** Wanneer was...

**A** Daar verslae, seker, daar was 2 ondersoeke gewees, een was in my tyd gewees en een was daarna gewees.

**V** 'My tyd' being...?

**A** Dit moet die, tot en met omtrent so '95, '96 was daai tweede een gewees, want dis toe Rob Adam die DG was van Science and Technology.

**V** Was hy die DG gewees?

**A** Ja.

**V** So hoe onafhanklik kan die ondersoek wees, as hy die DG was van...

**A** Ja, maar hy het dit gelei en dan het hulle vir Olav Orheim ingebring, maar dis maar soos met al die goed, jy vra die regte vrae, jy weet,

**V** So dit was die tweede een gewees. Was daar een pre-84?

**A** Voor dit was daar ook ene gewees. Met die, maar dit was nie 'n detail ondersoek nie, maar dit was die kwessie van toe die bou van die basis opgekom het, en die geld moes daar in die kabinet, sekere goed gedoen, daai ding het ek gaan voordra aan die kabinet nog, jy weet, nog.

**V** Om, om vir hulle te sê hoekom daar 'n nuwe basis gebou moet word? Dit was nog '92 se Kabinet gewees?

**A** Dis reg ja, dit was om te sê die strategiese issues van Suid-Afrika, dis nog waar, PW Botha was die President gewees.

**V** Toe julle die...

**A** Toe ék 'n voordrag gemaak het? So dit kan nog voor '92 gewees het.

**V** Dit moes voor dit gewees is. Wanneer het FW de Klerk President geword?

**A** PW Botha was, Pik was minister, Barend watsenaam was nog die minister van Finansies.

**V** So dit was nog vir Pik Botha, PW Botha, maar dan was dit nog in, wanneer het, die laat '80's?

**A** Seker die laat '80's.

**V** Die laat '80's, net so, die driekamer parlement was net so jaar of wat oud.

**A** Dis reg ja.

**V** Toe kom De Klerk in.

**A** Oor daai tyd, in '92, of toe julle nou daai voorlegging moes maak, toe was dit duidelik, ek meen Suid-Afrika het aan die Olimpiese Spele deelgeneem, aan die wêreld krieket beker ens, en so, van die ander sanksies het al begin verdwyn, so was dit toe duidelik gewees dat Suid-Afrika die strategiese voet waarop Suid-Afrika kon staan in die verdrag, was toe nie meer so belangrik nie? Was dit, of is dit verkeerd? Was daar nog altyd 'n strategiese belang ook met die oorgangsjare?

**V** Ja, daar was nog altyd, dink ek, jy weet, want, die moeilikheid met Suid-Afrika is, dis die land met die grootste see, so as jy nie jou seebronne beskerm nie, jou links het nie, is dit 'n issue. Dan, Marion eiland is deels Suid-kontinentale plat, ingevolge jou wetgewing.

**A** Ja dis massief.

**V** Dis massief, dat eintlik link hy amper op met...

**A** Kerguelen?

**V** Hy link met Kerguelen, maar hys amper tot in Port Elizabeth, so wanneer dit kom by 'n land se ekonomiese zone (die EZ) speel 'n belangrike rol, so dis ander goed waarna gekyk word.

**A** En daar was nooit bekommernis, dat die incumbent ANC regering gaan wonder maar hoekom het ons 'n basis op Antarktika nie? Wat baie geld kos?

**V** Nee, ek dink nie, jy weet, daar, baie vrae gewees rondom ander goed, kleur van die basis.

**A** Ja ek kom daarby.

**V** Daai tipe van goed – jy weet.

**A** Maar die idee dat daar 'n basis is, is dit ooit 'n vraagstuk gewees?

**V** Nee, nee, want, ek meen, hulle het geglo jy moet sekere inligtingsbasisse het, jy weet, en inteendeel die beleid het gesê Suid-Afrika moet 'n meer oop beleid hê, so hulle het baie meer missies begin oopmaak in Afrika, jy weet, en meer links begin oop gehad, jy weet, so, ek moet sê, want in daai tyd was ek toe, toe Valli Moosa minister geword het, en hy was nogals 'n pro- Antarktika ou gewees.

**A** Ja.

**A** Hy het soontoe gevlieg ook.

**V** Ek verstaan hy was die eerste minister gewees op Antarktika ook?

**A** En as jy met hom gaan gesels sal jy ook baie interessante, maar hy is...

**V** Leef hy nog?

**A** Ja, jy hy is 'n groot kop in die elektrisiteit bedryf nou.

**V** Ja, ek meen, ek verstaan hy was nogals redelik maklik gewees om, ook vir hom te oortuig om Antarktika toe te gaan?

**A** Ja, ek het, want hulle het sy kantoor, ek het baie hier gesit!

**V** Was hierdie Vali Moosa se kantoor gewees? Nice

**A** Dis nou, minister van Schalkwyk s'n.

**V** Ja, ek wou nou juis vra, Minister van Schalkwyk nou hier, waar sit mev Sonjica, Dr. Sonjica

**A** Sy sit by waterwese.

**V** O, is sy by waterwese.

**A** So dis net sy kantoor as hy so een keer 'n maand hiernatoe kom, hy is einlik in Kaapstad gebase...

**V** O, ja.

**A** En as gevolg van akkommodasie probleme sit ek nou op hierdie vloer, want my kantoor is nou daar in die hoek, dis baie deurmekaar...

**V** Minister van Schalkwyk, hoe baie het hy belang gestel?

**A** Baie, Antarktika, toe hy by Omgewingsake, ja.

**V** Het hy, self ooit wou gaan? Ek kan dink as 'n minister vra om te gaan, dan is dit seker maar...

**A** Ja hy wou, daar was ook maar probeer reëlings tref, jy weet, om by sy skedules in te pas.

**V** Maar dit het toe nooit uitgewerk nie?

**A** Nee, ek dink hy was gelys, maar dit sou Henry Valentine nou later, begin werk.
**V** Maar Valli was 'n redelike Antarktika ondersteuner.
**A** Jy weet nie wat minister Sonjica dink van Antarktika nie?
**V** Nee, ek het nie 'n idee nie, sy het groter probleme as Antarktika.
**A** Want hoe werk dit?
**A** Dis 'n helse portefeulje, Environment en Water.
**V** Ja dis mos saam, Environment en Water, alhoewel dit nie in die titel is nie, van die website nie.
**A** Ja dis Water en Environment
**V** Ja, ek meen, maar die website is www.environment.gov.za
**V** Ja, maar ek meen dis twee aparte Departement e, met een minister.
**A** Met een minister? Hoe op aarde werk dit?
**V** Elke Departement, het sy eie Accounting Authority met een Executive.
**A** Het hulle twee DG's ook?
**V** Ja, daar is baie sulke Departemente, dit kan wees, so jy het 'n onafhanklike Accounting Authority, maar een Axecutive Authority.
**A** Met twee DG's? Wel, Antarktika val onder die Omgewingsake deel dan. Is sy ook gebaseer, meestal in Kaapstad ?
**A** Ek dink sy werk baie meer van Pretoria af.
**V** Okay, maar terug by Antarktika: die Maleise VN resolusie, hoe groot impak het dit gehad, waar hulle in die VN resolusie gehad, Maleise toe later, Zaire wat toe was, gesetel is, ongelukkig met Suid-Afrika se betrokkenheid, die Antarktika verdragslande het
**A** Dit was bluff gewees daar, want onthou die verdrag is met konsensus.
**V** Maar hulle was nie verdragslande nie?
**A** Hulle is nie verdragslande nie.
**V** Of seating states?
**A** Ja, so hulle, wou Suid-Afrika uit die verdrag uitgeskop het.
**V** Ja, maar hoekom sou Maleisië vir Suid-Afrika uit die verdrag uit wil skop?
**A** Dit gaan oor die etniese issues.
**V** Watter etniese issues het Maleisië dan met Suid-Afrika gehad?
**A** Nee, met die Apartheid.
**V** Ja, ek kan dit nog verstaan...
**A** Apartheid jare gewees.
**V** En die verdragslande, was daar ooit enige sprake dat van hulle dit eintlik moreel ondersteun, of was die verdrag altyd eerste gestel?
**A** Ja, ek dink die verdrag is eerste gestel, so, jy weet, dis 'n politieke speelbal, so die ouens stuur weg van daai tipe van goed af, jy weet, hulle sal kennis neem van daai resolusie, jy weet, maar hulle sal nie dit... Jy het twee stelsel gehad, working documents en information documents, so daai tyd, as daai ding het tien teen een as 'n information document ingekom, wat nie gedebatteer word nie.
**V** Ja, dit, so hulle neem kennis daarvan maar daar is nie...
**A** Ja, hulle neem kennis daarvan...
**V** Hy het nooit op die debatsvloer agenda gekom nie?
**A** Ja.
**V** Maar was dit in die Departement bespreek, daai?
**A** Nee, maar dit sal by buitelandse sake, want dis 'n politiese ding, DIRCO.
**V** Maar hulle net nooit met julle kontak gehad daaroor nie?
**A** Ja, ek meen, voor ons 'n verdragsvergadering het sal 'n ou dit bespreek, maar, jy weet, dit gaan nêrenste na toe gaan nie.
**V** Van DIRCO gepraat, was dit 'n buitelandse sake ding gewees. Hoe... het hulle afgevaardigdiges saam met hulle gestuur na die delegasies toe?
**A** Yes, ja.
**V** Kan jy onthou, een afgevaardigde wat gereeld gegaan het dalk?
**A** Naudé Steyn, ek weet nie of hy nog lewe nie, en Albert Hofman.
**V** Was hy ook by dit betrokke gewees?

**A** Ja, ek en hy was by baie, ek en hy het seker ten minste 10 vergaderings bygewoon, saam. Dis die ou met wie jy moet gesels.

**V** So Albert Hofman?

**A** Ek weet nie waar is hy nou nie.

**V** Hy is nog hier by Pretoria, hy is by die regsfakulteit.

**A** Okay, ja,

**V** So, daar is nooit aan julle, sê nou maar, goed gedoen soos, ek vra dit net vir die rekord, aan julle hotelkamers, gepeuter of sulke klas van goed?

**A** Nie wat ek van weet nie.

**V** Dat julle agtergekom het julle word dopgehou deur die Russe of...

**A** Ek het nooit daai gevoel gehad nie, nee.

**V** Dalk het hul dit baie goed gedoen. Okay, daarso was ook in die koerante in die 1980's stories gewees van ysberge wat gesleep word, is dit ooit ernstig opgeneem?

**A** Nee.

**V** Het mense, enterpreneurs met hierdie idees by julle aangekom?

**A** Daai dae, het ouens aangekom en gesê jy kan vars water bring.

**V** En wat het julle dan gedoen?

**A** Ons lag maar net, want ek meen, dis onrealisties, dit is, in die droogte tye ook gewees.

**V** Wat hulle dan gekom het met hierdie idees?

**A** Want ek meen, want daar is ouens wat, ek dink dis [Hugh Jarins], van UCT, wat met hierdie goed gewerk het, ek meen, hy sal vir jou gesê het, ek meen, daai ysberg as jy hom sleep, daai goed is groot, daar is van hulle wat jy vir 30km langs hom sal ry wat afgebreek is, en om hom te sleep deur die water, teen die tyd dat hy hier kom is hy baie kleiner, jy weet, want, want ek meen, Marion eiland, miskien is jou siklus een keer in 5 jaar, een keer in 6 jaar, ek praat nou onder korreksie, wat jy ysberge daar verby sal sien.

**V** Ja. Nee.

**A** Maar, ys, dit was definitief in die nuus gewees.

**V** Okay, Wanner het die omgewingsmaatreël begin verander?

**A** Met Protokol.

**V** Met Protokol?

**A** Was dit maar eers met Protokol?

**V** Met Protokol, ja.

**A** So daar was nie rêrig vroeër rêrig 'n besef gewees van...

**V** Nee, die ouens was maar baie min environmental bewus.

**A** En het julle toe nou die ouens moes oplei, is dit ook nou waar die handleidings ingekom het waaroor ons gepraat het?

**A** Ja, ek meen, daar was, want die Protokol het bepaalde voorskifte gehad, so dit het, dit het ontwikkel en dan werksdokumente.

**V** In hierdie jare, wie was die DG gewees? In die '80's?

**A** Dokter Cameron.

**V** Dokter Cameron? Het hy iets te doen gehad met die Antarktika, en het hy belang gestel?

**V** Ja, hy was ook by die opening van die basis daar.

**A** O, in die '90's?

**V** Ja, in '92, nee dit was in '96 ja, hy was saam, hy was toe die DG gewees. Voor hom was Bill Visagie, weet nie of hy nog lewe nie.

**A** En die ministers? Betrokke?

**V** Dawie de VIlliers, dit was die eerste ene, Pallo Jordan, Valli Moosa, Marthinus, so dis 15 jaar jaar né? Drie ministers. Dawie was in die oorgang. Toe Pallo, toe Valli.

**A** En voor Dawie?

**V** Hendrik Schoeman.

**A** Nou Hendrik en Dawie de Villiers, het hulle rêrig belang gestel?

**V** Ek het met Dawie 'n bietjie gewerk, want daai tyd het jy nie toegang gehad by ministers soos nou nie, né.

**A** Was hulle hoog?

**V** Ja, jy het nie by, eers by 'n DG se kantoor ingegaan nie, dis die een ding wat totaal verander het, toe Valli

minister hier was, het hy jou geroep, hy het sommer in jou kantoor ingestap.

**A** Daar was bietjie meer van 'n egalitêre?

**V** Da dis reg, terwyl in Dawie de Villiers, Hendrik Schoeman was 'n gemaklike ou gewees, maar meeste van daai ouens het jy nie gesien nie, en ook nie 'n DG nie, okay, 'n DG het jy miskien een of twee keer 'n jaar gesien.

**A** En ons het nou klaar besluit, gepraat oor die besluit dat SANAE na Omgewingsake te skuif, en toe was die entiteit nie 'n vraag gewees? Daar was mense wat die gepush het, maar tot hoe 'n mate, het dit op papier gekom, as ek dit so stel, beleidsdokumente geword dan, op groenskrifte of witskrifte?

**V** Nee daar was nie groen-of witskrifte rondom dit nie, nie wat ek weet nie.

**A** Die reviews waarvan jy nounou gepraat het, wat het hulle aanbeveel?

**V** Die dual system as ek reg is maar jy sal dit by Henry moet kry. As ek reg is is die dual system as jy nie 'n Antarktika instituut per se sal hê nie.

**A** Hoe werk die dual system?

**V** Dat jy die logistiek een kant het, en die wetenskap aan die ander kant

**A** Deurentyd die...?

**V** Ek het nog baie, as ek reg is het dit ook tot die FRD se ding gelei, jy weet, ek weet nie, om die waarheid te sê ek weet nie hoe word dit vandag bestuur meer nie, want ons het dit nou teruggebring en bietjie beter...

**A** Die wetenskap val nou weer onder die NRF, wat val onder die DC.

**V** En daar is sprake dat die ander gedeeltee van die program soontoe moet gaan.

**A** Tot hulle die kabinet ge-reshuffel het. Nou, so, dis reg as ek sê Valli Mossa was die eerste minister op Antarktika.

**A** Ja.

**V** Was daar al 'n minister op Marion?

**A** Nee, nie wat ek van weet nie nee.

**V** Direkteur Generaal?

**A** Jis, nee.

**V** Ek wil nou by die aanloopbaan kom, van Marion, wat hulle in werking gehad het.

**A** Wat die EIA gedoen het?

**V** Wadie EIA gedoen het, en toe het dit nie gerealiseer nie, wat was die redes agter die aanlooopbaan?

**A** Nee ek weet nie. Nee, daar is baie gesê, maar ek meen dit is, dit was gedryf deur die weermag.

**V** Gedryf deur die weermag?

**A** Ja.

**V** Het die weermag julle genader gesê hulle wil 'n aanloopbaan hê?

**V** Dit het, dit het teruggekom, want ek meen, jy kan nie soontoe vlieg nie, as jy nie 'n a aanloopbaan het nie, so een van die oorwegings wat ek kan onthou, en ek het nie spesifiek op daai ding gewerk nie.

**A** Wie het, van SANAP se kant af

**V** Jis, dit was 'n closed ding daai. So ek, eerlik ek...

**A** Was dit maar very much 'n binnekring ding?

**V** Ja.

**A** Was die Departement Buitelandse Sake betrokke?

**V** Ek dink buitelandse sake was betrokke gewees en ek dink verdediging was betrokke.

**A** Yes, okay. En jy weet nie wie van SANAE betrokke was nie?

**V** Nee, maar iewers sal hulle die verslag moet hê. Die EIA, wat gedoen is.

**A** Ja, die EIA het ek al gesien.

**V** Gesien ja, maar sal jy nie daarop sien wie die...?

**A** Ek sal weer bietjie gaan kyk, want ek het dit begin laas jaar gesien toe ek dit nog nie in konteks kon plaas nie.

**V** Ek meen die oorwegende motivering was, jy weet, dis Suid-Afrika grondgebied, so soewerIniteit moet na gekyk word, daar was 'n issue rondom die Patagonian toothfish.

**A** Ja.

**V** En dit kon 'n, jy weet, 'n ding wees vir ons om na ons territoriale waters na te kyk. So ek dink, dit het uit daai oogpunt uit gekom, rescue organisasies, – jy weet.

**A** Ja, maar was dit nét as gevolg van die EIA wat dit nou nie gewerk het nie?

**V** Ja, maar Marion eiland verleen hom nie om 'n aanloopbaan te bou nie.

**A** Ja, dit sal baie moeilik wees.

**V** Ja, dit sal baie moeilik wees, want dis moeras-agtig, dis 'n vulkanies eiland, jy weet, en dan die, as ek kan onthou wat ek ook die verslag gesê het, jy weet, dis die omstandighede van die eiland en dan van 'n omgewings oogpunt, sou dit groot versteuring gewees het vir jou dierelewe.

**A** Maar is dit die enigste rede hoekom die plan teruggetrek is?

**A** Ek dink dit, ek dink dit sal in die verslag sê hoekom die plan gestop was.

**V** Het dit enigiets te doen gehad met die Israelse helikopters wat op wat om Marion geland het daai tyd?

**A** Nee, ek weet nie of hulle daar geland het nie.

**V** Hulle het daar geland. ja.

**A** Van skepe af?

**V** Ek weet nie van waar hulle gekom het nie, ek moet nog by die betrokke spanlede nog, self praat, maar hulle het daar geland, en vir 'n paar uur daar gebly, en met die spanleier, nie gepraat nie. Toe nou wonder ek..

**A** Hoor hier, nou maar, dis nuus vir my.

**V** Daar het 3 helikopters geland, met Israeli defence force mense aan boord, okay.

**V** Op Marion? Dis vir my interessant, watter jaar?

**A** Ek dink dit was '86, ek sal gaan double check en terugkom...

**V** Wie was die leier daar?

**V** Die persoon wat met hulle gepraat het, met wie ek in Desember gaan praat is Jan Crafford, van Venda?

**A** Venda universiteit? Jis, dis nuus vir my, ek sal vir jou sê!

**V** Ons krap maar en kyk wat is die...

**A** Ja, ek, want ek meen, daar is mos sprake gewees dat daar toetse in daai omgewing gedoen is.

**V** Ja, nou wonder ek of dit iets met die aanloopbaan te doen gehad het? Ek sal die datum kry en sommer vir jou e-pos, dan kyk jy kyk op jy dalk ander goed kan onthou oor daai tyd.

**V** Jis, ek kan nie onthou nie, want Jan Crafford ken ek ook goed, ek meen. Hy ook saam met my Valdon nog gewerk

**A** Ja, ek meen ek het dit die eerste keer gehoor by John Cooper en hy ken nogal redelik die eiland...

**V** Weet jy ek sal mooi kyk, want ek sal vir jou sê ons het nie sulke goed geweet nie, dit sou in verslae deurgekom het.

**V** Nee dis nou hoekom ek sê, ek sal nou eers eye-witness accounts moet, redelik moet...

**A** Ja, en ek dink 'n ou moet versigtig wees jy weet, om dit kan natuurlike sekeheidsgoed gewees het as dit is...

**V** Dit was in die '80's, so dis redelike bekende, jy kan 1980's dokument deesdae gedeklassifiseer kry. Jy is veronderstel om dit te kan doen.

**A** Ja. As hulle nog daar is...

**V** Uit die aard van die saak, as die storie kry, sal ek meer as een bevestiging daarvan moet kry, ek kan nie net op een ou se woord gaan daarvan nie. Okay. die nuwe basis: hoekom is daar besluit om 'n nuwe basis te bou?

**V** Die ou basis was net onveilig gewees. En die kostes om weer 'n basis te bou, wat op die shelf was, het gewys dis sal nie ekonomies, jy weet, jy moet hom oor en oor bou. So toe is daar gekyk na opsies om dit binneland toe te vat, meer 'n permanente struktuur te kry.

**A** En hoe het julle by die kabinet befondsing gekry? Het hulle maklik gegee? Moes julle hard baklei?

**V** Nee, ek dink dit was 'n maklike proses, want uit 'n strategiese oogpunt, jy weet, uit 'n wetenskaplike oogpunt, jy weet, issues rondom minerale, want daar was verskillende Departemente, jy weet, wat betrokke was, so..

**A** En die begroting, het dit van die tesourier gekom?

**A** Ja.

**V** Nou, daar moes tog op 'n manier 'n besef gewees het, dat daar baie veranderinge besig is om te gebeur in oranje-blanje-blou nou nie die beste kleure is om te kies vir 'n basis nie. Hoekom is dit nog steeds op die ou end gekies?

**A** Jy moet daai vraag vir openbare werke gaan vra.

**V** Wie by openbare werke?

**A** Willem ras.

**V** Willem Ras.

**A** Hy het al afgetree.

**V** Maar het jul nie 'n sê gehad nie?

**A** Nee daar was redelike debatte rondom dit.

**V** Nog voor die tyd, nog voordat dit gebou, of gegiet is?

**A** Ja, ek meen, daar was korrespondensie rondom dit dat ons dit, kleure moet verander van ons kant af.

**V** Ja, voor dit gegiet is?

**A** Ja, want dis mos ingegiet in daai, nou moet hulle dit ten duurste verf.

**V** En was daar nog segregasie gewees op basis? Want ek skat teen die tyd het DOW al redelik kleurlinge gehad wat vir hulle werk?

**V** Nee daar was nie.

**V** Nie waarvan julle weet in elk geval nie?

**A** En ek sal vir jou sê in my laaste trips ook, want ons ouens gevat het, was dit, daar was nie...

**V** Sal daar enige rede wees waarom spesifiek die span wat in '93, die enigste span is wat met die vlag afgeneem is?

**A** Hoe sal ek nou weet. Met watter vlag?

**V** Die ou Suid Afrika vlag, dis die enigste spanfoto met 'n vlag op, tot op daai datum.

**A** Haai, so die ander spanne het nooit met vlae gesit nie?

**V** Nee, net daai een span met die ou Suid-Afrika vlag.

**A** Wie was die leier '93?

**V** Nee, dit kan ek nou nie uit my kop...

**A** Dis vir my nogals interessant.

**V** Ook nie Marion spanfoto's nie. Van die...

**A** Wat ek kan onthou, is, meeste ouens het met hulle embleem gesit wat hulle ontwerp het, op by 'n plek gesit of...

**V** Die vroeë foto's is formeel, soos skoolfoto's geneem, later meer informeel, maar hierdie is die enigste foto...

**A** Ja, maar daar is van die SANAE foto's wat geneem is wat ek weet die ou vlag, wat hier hang, daai ouens op die, op daai skag gesit het. Ek het sulke foto's gesien, want ons het daai foto's...

**V** Dis die spanfoto's wat opgesit is op die website.

**A** Ja dis seker nie die.

**V** Maar daai foto is wel op die website as 'n offisiële foto.

**A** Is dit?

**V** Ja, nou nog, maar 'n vlag wat hulle...

**A** Die ou RSA vlag.

**V** Wat hulle mooi hou, voor, vashou.

**A** As ek weet wie die leier was sou ek jou miskien...

**V** Toemaar dis reg, ons sal dalk daarna kan kyk. Wanneer is die besluit geneem dat die Departement nie meer drank en sigarette verskaf nie?

**A** Dis na my tyd.

**A** Dis na...?

**V** Dis na, ek het in, drank en sigarette nie, want daar was mos die kwessie dat hulle, want hulle het toelae gekry, dit was mos aanvanklik gewees, jy het 7500 sigarette en 6 blikkies dit en dit en dit, maar dit het net 'n logistiek probleem geword.

**A** 7500 sigarette vir 'n jaar, wow!

**V** Ja, as ek reg kan onthou was dit soveel en dan was daar soveel hardehout en soveel dit maar, dan net, dit ding wat gekom het, en ekskuus, ek dink ek was nog betrokke, die ding het gekom dat met munisipaliteite, so as jy nie-roker was, en nie-drinker was, is jy slegter af, in geldwaarde, dis hoekom daar besluit moes word elke ou kry daai bedrag, en hy kan dan maak met hom wat hy lus het, so om inequity te hanteer was die groot ding.

**A** So hy kan vir hom meer sigarette koop of meer drank soos wat hy wil.

**V** Ja, want die ouens het gekla as jy 'n nie-roker is, het jy dit gekry, as jy nie-drinker is het jy dit gekry, so

wat gebeur het, die ouens wat nie gerook en gedrink het in any case die drank gevat, en dan verkoop hulle die drank aan die ander ouens.

**A** Maar was daar ook 'n afname in rokers gewees?

**V** Ek kan nie sê dis hoe dit op daai basis gedoen het nie. Die basis is suiwer gewees op gelykheid te hanteer ten opsigte van, kos dit dieselfde in die vroeë jare, '74, as ons afgegaan het, het jy, as jy ongetroud, is het jy R4.50 'n dag gekry, as jy getroud is het jy R14.00 ' n dag gekry.

**A** Joe!

**V** En die vraag was hoekom, want as jy afgaan as jy getroud is of ongetroud is, die omstandighede is presies dieselfde, maar daar was daai, sê nou maar, die getroude ou laat sy vrou en kinders agter, en jy' weet dis...

**A** Maar daarvoor kry hy R10 ekstra?

**V** Ja, as hy, maar ek kan nie onthou of dit R14, maar dit was 'n bedrag gewees en daar is tesourier goedkeuring gewees daai, gecheck wat jy by Richard-hulle kan kry, waar daai goed was, dit was sinneloos gewees om te gedink het, jy weet, dat sulke besluite kon geneem gewees het, waar jy tussen mense gedistansieer het of hy getroud of ongetroud is. Selfde met bonusse, in die ou dae, as jy ongetroud was in die staatsdiens het jy R130 bonus gekry, as jy getroud is, het jy R260 gekry. Dis hoekom, ek is getroud die eerste Sept, sodat ek die dubbel bonus kon kry, jy weet in daai tyd was R130 iets gewees.

**A** Ja ja ja! In die '90's op 'n kol, het 'n die weerburo onttrek, hoekom?

**A** Geld.

**V** Geld? Wanneer het hulle onttrek?

**A** Ek kan nie presies onthou nie, Gerhard Schulz, by die weerburo sal jou kan sê, dit was daar in '94.

**V** Het dit iets te doen gehad met die nuwe basis?

**A** Nee, want ek meen die nuwe basis het voorsiening gemaak vir die weerburo.

**V** Maar geld in watter konteks?

**A** Geld, onthou die weerburo het toe 'n entiteit geword, en hy het sy eie wet gekry, en hy moes vir homself geld genereer om onafhanklik te word binne 'n sekere tydperk, wat toe nooit gerealiseer het nie, want dit is 'n service wat gegee moet word aan die mense.

**V** Dis nie rêrig iets waaruit jy 'n wins kan maak nie.

**A** Ja, so hulle het gedink hule gaan groot geld maak uit vliegtuie wat land, weergoed gee vir hulle, maar daar is allerhande regulasies, daar is ander goed wat veiligheid hanteer, jy weet, en volgens ons grondwet is dit 'n basiese diens wat aan elke...

**V** Ja, jy kan nie nié vir mense sê...

**A** So, ek dink hulle was gedruk, rondom dit, en hulle het hulle, om eerlik te sê, ek dink wat gebeur het, is hulle het, hulle het op daai stadium die DG gedreig, eintlik, en gesê as julle ons nie meer geld gee nie gaan ons die Antarktika geld vat om toe te maak, toe sê hulle, dan maak julle toe. En toe het hulle twee of drie jaar later teruggekom, die ding weer oopgemaak.

**V** Ja ja, want ek verstaan hulle is nou weer betrokke, so...

**A** Yes.

**V** Wie was die DG gewees?

**A** Chippie Oliver Op daai stadium.

**V** Chippie Oliver, Het Chippie 'n ander naam gehad as Chippie?

**A** Christian, seker een van die slimste ouens wat ek in my lewe gehoor het.

**V** Ek sal nou bietjie daai spelling kry, nou wanneer is jy toe nou weg by SANAP?

**A** 2000.

**V** 2000, weg as 'n, die Direkteur?

**A** Ja, toe het ek die Chief Director geword vir Corporate Affairs in die nuwe Suid-Afrika.

**V** Vir Corporate Affairs, onder Omgewingsake? Onder dit. Wanneer is die Direktoraat Antarktika en Eilande dan geskep?

**A** Jis, ek weet nie, want ek was die eerste Direkteur ook daar, '94?

**V** Is die Direktoraat geskep, toe is jy Direkteur daarvan. Wie was jou verwagte opvolger?

**A** Henry Valentine, so ek het lank, ek het eintlik van '94, '95 af waargeneem as Corporate Affairs en Antarktika en Eilande en ek het ook die logisitiek op een van die Departement gehad.

**V** Hoekom het die Britte dan hulle beleid jeens Gough [founder], hulle het hulle beleid in die tyd verander het jy nounou gesê? Oor die kontrak...

**A** O, ja ek, o nee, maar, want dis is meer ekonomies, want ek meen daar het altyd probleme gekom, want ons het sekere goed gehad, jy moes volgens [indiscernible] goedkeuring moet jy soveel vra, so hulle het toe die ding op hersiening gevat, en 'n beter ding vir hulle onderhandel.

**V** Nou, net weer 'n paar algemene vrae: hoe belangrik is Antarktika en Prince Edward eilande vir die stand van wetenskap in Suid-Afrika?

**A** Jy sal vir die wetenskaplik moet vra, maar ek dink dis belangrik.

**V** Ja, maar hoekom het hulle geld gekry daarvoor? Net bloot vir strategiese redes?

**A** Nee, ek dink daar is Antarktika, en veral jou geologiese program, Gondwana opset, wat jy daar sien kan jy nie noodwendig hier by ons sien nie, dit was bo dit uitsteek en wat hier is jy weet, fisiese navorsing, weer navorsing was belangrik, of dit koste-effektief was is 'n ander kwessie, so ek dink daar was 'n strategiese waarde in.

**V** Marion?

**A** Eerstens dis Suid-Afrika grondgebied, tweedens, dat Marion eiland was een van jou belangrikste weerstasies vir weerfronte wat van die ooste af kom, vir jou oos-kaapse Mohair boerderye. Dan Gough is jou mees strategiese, ding, ek meen, die hele wêreld se numeriese data word deur hom kalibreer, so hy is, omdat hy so geisoleer is, ek weet nie of dit nou nog vandag so is nie, maar in my tyd was dit een van jou belangrikste weerstasies.

**V** Het julle ook na die 1960's weer probeer om 'n weerstasie op Bouvet op te rig?

**A** Nee daar was net automatiese weerstasies opgesit, maar Bouvet is 'n moeilike plek, as gevolg van sy uitleg, van die winde, so ons het gereël vir automatiese weerstasies

**A** Moes mens elke keer die Noorwieërs se toestemming vra?

**V** Jy moet toestemmings vra.

**A** Maar het julle ooit gesukkel om dit te kry?

**V** Nie in my tyd nie.

**A** By wie moes mens toestemming vra?

**A** Jy doen dit deur die dipomatieke kanale.

**V** Deur die dipomatieke kanale. Het hulle ooit gevra dat julle vir hulle iets moes doen daar?

**A** Ons het ook vir hulle goed gevat, ons het ook wetenskaplikes soontoe gevat, daar het rowwe ouens ook gewerk, samewerking met Marthan Bester.

**V** Bester, ek verstaan hulle het ook op 'n kol daar gebly vir 'n drie maande. En toe?

**A** Yes, ja hulle het hutte opgesit.

**V** Die hutte is toe weg ook na 'n tyd na 'n paar dae as ek reg onthou! So het hulle, julle...

**A** Jy het jou huiswerk gedoen jong, lyk my jy toets my. Ja Marthan Bester was saam met hulle gewees.

**V** Ja, ek ken, ek ken toevallig die een ou wat daar gebly het toe vir daai 3 maande, Nico de Bruyn, maar in die 1980's het julle ook outomatiese weerstasies daar gehad?

**A** Ja, ek weet nie presies, jy weet, wanneer spesifieke slotte vir, ek sal nie my kop daarop sit nie, maar ek weet, ek dink, dit was.

**V** En ook in die '80's was daar ook nie probleme ooit om daar te kom nie.

**A** En dan het ons op Southern Thule, was daar outomatiese weerstasies opgesit.

**V** Was jy ook in die regte Thule? Of die noordelike Thule?

**A** Die Southern ene, wat nie ver van die Falkland af was nie.

**V** Ja, ja, maar ek vra persoonlik, was jy ooit daar bo in Groenland gewees?

**A** Nee ek was nie daar nie, nee. Dit is Noordpool.

**V** Ja kyk, ekt maar gedink as mens'n draai kan maak in [indiscernible] kan jy seker in Thule...

**A** Nee, ek het nie, ek het net soontoe gevlieg.

**V** Ja, die belangrikheid van Antarktika, ons het eintlik nou maar daaroor gepraat, en die Prince Edward eilande en Gough vir Suid-Afrika? Hoe belangrik is dit dat Suid-Afrika daai territory het?

**A** Ek weet nie ek, ek dink, dis strategies belangrik gewees, jy weet, op daai stadium was toe CCAMLR ingekom het, krill was baie ryker as vismeel gewees, so daar is ekonomiese arguments rondom dit gemaak, dis 'n labrotorium waar baie min mense kans gekry het om wetenskap te doen. Veral jou geofisiese wetenskappe, fisika, jy weet, uit dit uit het daar ook ontwikkelingswerk gekom, ek kan nou nie onthou, maar dis van Natal gewees, hulle het sekere projekte gehad, en Suid-Afrika was betrokke met die aerial, HM Aeriel [indiscernible], die ou zone depletion, en die impak wat dit gehad het op wat ons nou sien wat gebeur, jy weet, so ek dink dit is, dit was altyd hoog op die prioriteitslys, van 'n wetenskaplike en

strategiese oogpunt

**V** Kan jy onthou wanneer Prince Edward eiland spesifiek meer eksklusief geraak het? Wanneer dit meer reël, reëls gekry het as Marion eiland? Toegang beperking?

**V** Ek dink laat '80's begin '90's.

**A** Dis eintlik redelik onlangs gewees.

**V** Ja.

**A** Ja, laat '80's begin '90's.

**V** Ja, ek sal vir jou sê, en, ek kan vir jou sê, dis die John Coopers, Steven Chown, Valdon, was die groot drywers, veral van Valdon se kant af kan ek onthou, om dit so eksoties te hou nou, dat daar nie van die ander indringer plante op die eiland kom nie, en daar was redelik stories van ouens wat daar was met skepe, waar hulle toiletpapier gekry het, dis alles gedokumenteer gewees, so ek wil amper sê die vaders van die kyk na Prince Edward, sal ek in daai kriteria van Steven, van Valdon, van John Cooper, Roy Siegfried, dis die ouens wat dit sterk gedryf het, baie meer omgewingsbewus geword het.

**A** Wanneer is die Prince Edward Island Management Commitee gestig?

**V** Jislaaik!

**A** Was dit in jou tyd of later?

**V** Dit was in my tyd gewees, ek het 'n boek, daar, ek sal vir jou kyk, maar Steven Chown het dit nog vir my geteken.

**A** Is dit in daai Lands, Interchange, hardeband boek. Daai ene?

**V** So 'n blouerige omslag.

**A** Ja.

**V** Dis wanneer dit gestig is, die eerste ene. So ek het, ek het saam met Steven, daai ouens, ons het baie rondom, want ek is ook 'n redelik environmental ou amper, maar ek dink dis die ouens wat ek persoonlik dink die ding gedryf het.

**V** Was daar ooit in die '80's 'n vraag gewees oor toerisme na Marion?

**A** Yes.

**V** En is daar gehoor gegee daaraan?

**A** Nee, afgeskiet.

**V** Alles?

**A** Ja.

**V** In die '90's was daar maar..

**A** Daar was, ek meen, dit het maar van tyd tot tyd opgekom, op daai stadium was, wou hulle hê die eiland pristine hou, wou beperkte hoeveelheid mense op hê – jy weet.

**A** En wanneer is daai goed in wet in geskryf, wanneer is dit geverifieer, kan ek maar sê?

**A** Ek dink die beskermde gebiede wet, maak voorsiening vir dit, want Prince Edward eiland is op 'n beskermde gebied.

**V** Wie is dit wat die vraag na toerisme gedoen het? Is dit privaat individue, of maatskappye?

Ja dis maatskappye, maar daar was ook dryf van amptenary se kant af wat gesê het, jy weet, Amerika, [indiscernible] wat hulle gebruik om na die suidpool toe te vlieg, of na Antarktika toe te vlieg, jy weet, maar ek dink nie toerisme sou afkom nie, want jy het, jy het vreeslik baie infrastruktuur nodig gehad, en die basis het hom nie daartoe geleen nie, jy weet, so dit was 'n maklike manier om te sê, ons gaan nie toerisme bevorder nie.

**V** En Antarktika toe vanuit Kaapstad?

**A** Ek dink, maar, jy sien, dis weereens een van daai goed, dis niemandsland, Antarktika, so jy kan niemand beperk om nie Antarktika toe te gaan nie. Die Suid-Afrika citizens kan in gevolge die Antarktiese wet, beperk word ten opsigte van wat hy daar kan doen, hoe hy moet optree, jy weet, so jy kan nie die persoon se reg om soontoe te gaan wegvat nie.

**V** Was jy betrokke gewees by die DROMLAN besprekings, die lugredery wat hulle gestig, wel dis nie 'n lugredery as sulks nie, maar die vliegtuie wat opstyg vanaf kaapstad wat in samewerking, ooreenkoms is met Suid-Afrika, Rusland en die Nordic lande.

**A** Nee, dis meer onlangs gewees.

**V** Okay.

**A** In my tyd was daar sprakevan dit, maar daar is baie risiko's, jy weet, want jy kry, 'n point of no return. Daar is nou nog 'n risiko. Ek wil nie vlieg nie.

**V** So sal jy nie self Antarktika toe vlieg nie?

**A** Ek sal nie vlieg nie, ek sal met die boot aanpas.

**V** Is u nog soms betrokke?

**A** Ja, met sulke goed, en partykeer as so, Ricky, ag, Henry sal my bel en sê, toe die helikopters gekoop is, wat is die omstandighede? Hoe het dit gewerk? Dan sal ek vir hom die lêernommers kan gee – jy weet.

**V** So half 'n...

**A** Watter lêer, ek onthou dit nou nog, jy weet, skeepslêer, en die helikopterlêers, alles geheime lêers gewees – jy weet.

**V** So meer in adviserende kapasiteit?

**A** Ja.

**V** En hierdie geheime lêers, wat waarskynlik nog steeds geheim is, want dis nog onder 20 jaar, hulle is hierso, in die argief hierso...

**A** Jy sal by Richard Skinner se kantoor...

**V** En dan, die laaste vraag is: beskryf Antarktika.

**A** Al wat ek altyd kan sê is, dit gee vir my 'n effek van hoe die hoër hand, iets geskape het, want Antarktika kan jy nie vir iemand beskryf as jy nie daar was nie. Maar jy besef die grootheid van die heelal as jy in Antarktika is, en dis 'n plek waarmee jy nie speel nie. Ek het vir Jeff Bell uitgebring wat dood is daar, al die goed gereël, gisteraand juis daaroor gepraat, hoe ek geskrik het toe ek die kiste gaan uitsoek het hier by SAFAS, die vrouens wat onder blomme rangskik as jy so afkom, toe sien ek net hierdie kaal voete, so agter, dit lyk soos hierdie swys-skerm staan, toe dog ek jis, lyke – jy weet. Hoe ons met die patoloë moes reëlings maak.

**V** Is dit die ou wat in die witsig oorlede is. Jef Bell, is hy in die witsig oorlede?

**A** Nee, hy het in 'n krewas geval.

**V** O in 'n krewas geval?

**A** Die outjie wat van die witsig dood is was 'n outjie wat vir ooname gegaan het, maar Jeff Bell was die ou wat ingeval het.

**V** Daar is al 'n paar mense oorlede op Antarktika?

**A** Ja,

**V** In die afgelope paar jaar.

**A** Dit was, dood, dan een ou, wat interessant is, wat ek mee saam in Antarktika was, is Alwyn Wolfaart, dis die ou wat deur, deel was van die AWB, wat so langs die Mercedes dood geskiet is, wat sy hand so...

**V** Rêrig?

**A** Hy was saam met my in Antarktika, ek, ek het altyd gesê saam met daai ou gaan ek na enige plek toe, want hy het 'n helikopter, daar was een van ons helikopers wat se pins gebreek het op Antarktika, en hulle het nie 'n spaarding gehad nie. In 'n kwessie van, ons los die helikopter daar, en jy verloor op daai stadium 14 miljoen Rand, en hy het 'n dingetjie gedraai, met staal en daai helikopter skip toe gevlieg. Ek het altyd gesê daai ou vat jy saam, jy kan net vir hom 'n stuk bloudraad en 'n draadtang gee en hy maak enige ding reg. En dis vir my, dis eintlik snaaks dat so ou so gesterf het, en laat hy so betrokke geraak het by die AWB goed, jy weet, en hoe hy sy besigheid in Pretoria opgegee het, Nylstroom toe gegaan het, en al meer in die politiek betrokke geraak het. Op die ou einde op nasionale TV doodgeskiet is.

**V** Moes julle die kis toe afvat met die, met die boot?

**A** Ja, so hy is van hier af afgevat, en die ou se lyk is in jellie gebêre, jy weet, dat hy nie uitdroog nie. En die dokter wat toe afgegaan het, het die lykskouing gehou, ek dink dit was Martiens Roos, dis daar dat hulle toe bepaal het dat sy nek gebreek is, toe is hy teruggebring op die SA Agulhas, en toe is die lyk uitgevlieg Engeland toe, want hy moes daar begrawe word.

**V** Dit moet moeilik wees om so iets vir 'n familie te gaan sê?

**A** Ja, okay, in sy geval, sy meeste familie was oorsee gewees.

**V** So julle moes bel?

**A** Ja, maar ek het ondervinding gehad, jy weet, van ouens wat meisies in die moeilikheid gehad het voor hulle weg is, en dan vra hulle vir jou om die ouers te gaan inlig.

**V** En dan gaan hulle Antarktika toe?

**A** Ja, hulle gaan nou af, dan het die meisie nou vir hom laat weet, jy weet, sy in daai tyd is.

**V** Oh, my word. Dan moet jy die meisie se ouers laat weet?

**A** Ja, ek het gaan, ek het na huise toe gery en dan die boodskap gaan gee van die seun, jy weet, dis

**V** Vir die seun se ouers of die meisies se ouers?

**A** Die seun se ouers, jy weet, want hulle net nou gevra, daar was een of twee sulke gevalle gewees. Die geval van die kroeg wat ek wil vertel, wat interessant was, is dat op die SA Agulhas was daar streng reëls rondom drink en drag, so jy, jy kan nie in die aand in die kroeg gaan drink het in die beginstadiums as jy nie 'n das aangehad het nie en skoene nie, en ons het teruggekom van Antarktika, daar was 'n Dave Halbert, any way, hy lewe seker nog, snaakse ou gewees, met hierdie lang hare. Toe kom hy die aand in die kroeg ingestap net met 'n das en sy skoene aan, poedelnakend! En dit was Brian Quincy, hy was die spysenier op die skip, en hy het hom net so gekyk en gesê: you're well dressed, can I serve you liquor?

**V** Dit was seker die vrouens op die skip gewees?

**A** Daar was nie vrouens op die skip nie, so, jy weet, so dis sulke goed wat 'n ou, ander ding wat ek kan onthou, dit was 'n kleurling van die kaap, een van die eerstes wat saam was, en die ou het vir hom vertel hoe dit daar is, en die sneeuslange wat jy daar kry en hy het naderhand gekom en gevra ek moet hom wegvat, want hy kan nie daar werk nie, want dan sê hulle vir hom, pasop vir die slang, jy weet, en hy gooi alles weg, so het hy geglo daar was sneeuslange – jy weet.

**V** Was hy saam as 'n bemanningslid of?

**A** Hy was van openbare werke se groep gewees.

**V** Bemanningslede, was hulle maar baie keer kleurlinge gewees?

**A** Ja.

**V** Gewone bemanningslede?

**A** Ja, jou dekspanne.

**V** Het hulle soms afgeklim op Antarktika?

**A** Ja, julle het jy, hulle het afgeklim en basis besoek, in my tyd. Ja, nee ek het foto's gesien waar hulle op die basis is, vroeër jare al. En daar was op die skip, snaaks, daar was nie sulke goed soos apartheid, want, as jy byvoorbeeld oor die Artarktiese sirkel gegaan het. Die kompetisie is tussen verskillende groepe wetenskaplikes, openbare werke, die crew, die skeepsbemanning, want gewone skeepsbemanning en crew is 'n groot issue, jy weet, en gewoonlik wen die crew, jy weet, want dis sterk outjies, hulle trek daai skeepsbemannings outjies sommer deur die loop, so dis 'n...

**V** So daai tradisie was al aan die gang toe jy die eerste keer af is?

**A** Ja, die eerste 3 meisies ook, was daar ook 'n insident, die aand voor jy oor die Artarctic circle gaan, dan het die king en queen nou op die skip, en dan die hele stories en toe, gaan hulle van kajuit tot kajuit, en toe, die bere, wat nou daar sit, het nou daar by die meisies se kamers ook ingegaan. Ek onthou die een het blykbaar nog op die toilet gesit en die... het maar net ingestorm, en hulle gecharge, en van die ouens het bietjie gevat ook, en die volgende dag in die kroeg, toe alles nou afgehandel is, toe wil hulle nou wonder wie is nou die...

**V** Die rolspelers?

**A** Die rolspelers gewees, wie was die bere, nou praat hulle ook so, en nou sê die ander ouens ook om hulle, want, hulle koek om die meisies, en toe sê die een, ja sy wonder wie aan haar goed gevat, jy weet, en toe het die ouens wat, het toe hulle ringe afgehaal, toe sien jy nou, fisies gesien. Toe sê sy, want sy het gesien die een ou het 'n ring aangehad en hy het so lekker gevat. So dis sulke lekker staaltjies wat 'n ou sal bybly wat...

**V** Was daar ooit 'n oomblik wat jy self benoud was? Op Antarktika? Vir jou eie veiligheid?

**A** Ja, toe, daar was Benkenstein ou wat sy vingers afgekap het. Hy het die slee so voorgehou, dit was by Gronehogna toe is die vliegtuig, toe het die Caterpillar teruggery en toe sy vingers afgeslaan, morsaf. En dit was 'n whiteout by SANAE, en dit was 'n whiteout by dit, en ons moet die ou inbring, ou Rob Dean, wat ook al dood is, om hom ingevlieg, so as jy vlieg in die wolke, jy kan niks sien nie, en toe begin ons drift, en net voor ons geland het, jy weet, toe het ek, dis asof daar so 'nopeninkie maak toe sien ek ons is omtrent hier op een van die skagte, en toe sit hy die vliegtuig neer, jy weet, toe is ons redelik veilig, maar dit was, dit was, redelik...

**A** Stresvol? Benoud?

**V** Angswekkend.

**A** Want dit was seker nog pre-GPS jare gewees?

**V** Daar was, daar was, ons het 'n NEB gehad, maar jy weet 'n NEB gee net vir jou rigting, jy kan nie sien waar voertuie staan, en dis baie keer af, so ouens, soos as storms trek oor vliegtuie in 'n kamp, jy weet.

**V** Hoe is dit om 'n whiteout te beleef?

**A** Dis ongelooflik, jy kan niks sien nie, reg rondom, soos hierso, jy kan nie jou hande sien nie, as jy in 'n

whiteout is, ek het in whiteouts gery, sonder GPS'e, met, net op 'n oliebol, van die basis af, daar het een Caterpillar, so ek het gery, dan ry ek op die angle van die ys wat waai, en op die oliebol. En die ou wat Antarktika die beste ken, Gustav, Nel... daai ou se ondervinding van Antarktika en sy kundigheid, want as dit, dis so goed soos, dis, jy sien alles is net wit hierso, jy vlieg bokant die wolke, jy kan daai effek vir jouself voorstel, dis net daai wit-geit maar jy weet nie waar jy is nie, jy het nie 'n GPS nie. En Gustav was so 'n ou gewees wat kon rigting hou, ek was saam met hom in die veld toe ons voertuie gaan haal het, waar dit so was dat daar geen merkerpale is nie, en as hy kyk na dan sê hy wag, ons moet so ry, en dan ry ons so. Ek het die meeste in my lewe geleer van hom.

**V** Nog 'n laaste vraag, net waaraan ek nou dink: hoe baie maak, want Antarktika voel vir my, die gemeenskap wat ook daarmee betrokke is, op 'n hoë vlak of op 'n beleidsvlak, bly redelik dieselfde, hoe belangrik is persoonlikhede?

**A** Ek dink dis, dis seker baie belangrik, maar partykeer moet jy verandering hê, jy weet, ons het gister gepraat daaroor, nie een van ons ouens nie, ek sal graag weer vir Antarktika wil gaan sien, maar ek wil nie gaan as 'n ou wat in charge is nie, ek wil gaan om te relax en te doen wat ek wil doen, want jy, dis hengse, dis hengse verantwoordelikheid, maar ouens wat saam was daar, is 'n anderste bonding, ek weet nie, het jy met ouens soos Leeu Vermeulen gepraat?

**V** Nog nie nee,

**A** Gaan jy nog? Oubaas Jooste?

**V** Ons was by Oubaas gewees.

**A** Ek wonder hoe lyk hy nou, waar is hy nou?

**V** Kovsies

**A** Is hy daar? Hy het vir ons keuring gedoen, maar op 'n stadium het ons dit weggevat, self gedoen.

**V** Hoekom?

**A** Ons het duds gekry, jy soek meer die praktiese ouens.

**V** Is dit maar wat die meeste tel?

**A** Ja, ouens wat jy op kan, en ek dink dat jou sielkundiges het gekom en gegaan, dis ouens wat akademies is, maar nie omstandighede ken nie. So jy kyk na 'n sekere ou, jy weet, en jy meet hom. Ons het ook foute gemaak, maar ek dink ons was meer...

**V** Meer effektief?

**A** Om ouens te interrogate, ouens kwaad te maak, want jy sien gou – ek sê vir jou – 3 dae op die skip, is hy 'n anderster ou as was hy hier sit.

**V** Baie dankie.